

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 18, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde May-Jun 2018 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Die dood van “Amerika se pastoor”

Billy Graham is Amerika se Pastoor genoem. Hy was 'n godsdienstige reus in Amerika en was deur miljoene mense regoor die wêreld geliefd en gerespekteer. Volgens 'n *ABC News*-berig het hy vir meer as 210 miljoen mense in 185 lande en gebiede tydens sy “Billy Graham Crusades” gepreek. Sy grootste kruistog het een miljoen mense in Seoul, Suid-Korea gelok.

Graham het sedert Dwight D. Eisenhower, met elke president van die Verenigde State kennis gemaak en het die meeste van hulle op 'n voornaam-basis geken voordat hulle president geword het. Hy het in alle opsigte 'n morele lewe geleef en was getrou aan sy vrou van 64 jaar, wat in 2007 gesterf het. Hy het reëls vir homself in plek gestel om versoeking of beskuldiging van ontrouheid te vermy. Daar word na hierdie reëls in enkelvoud verwys as die Billy Graham-reël en meer onlangs as die Mike Pence-reël, wat mnr. Pence van die evangelis oorgeneem het. Eenvoudig gestel, is dit om nooit alleen te wees saam met 'n dame of selfs om nie 'n maaltyd alleen met 'n dame te geniet as dit nie sy eie vrou is nie. Sommige mense beskou hierdie soort diskresie as seksisties en selfs lagwekkend, maar in die lig van die seksuele skandale en die *#MeToo*-beweging, lyk dit of Billy Graham en Mike Pence, die Amerikaanse Vise-president, die kritici een voor was.

Graham se boodskap word opgesom as: “God is lief vir u en Jesus Christus het gekom om die straf vir u sondes te betaal”. Hy het gepraat van 'n toekomstige opstanding en die noodsaaklikheid om 'n keuse te maak om Christus eerste te stel. Sy boodskap was nie anders as dié van baie evangeliste nie, maar hy het sy veldtogte na nuwe vlakke geneem. Deur deeglike beplanning het hy 'n beroep op kerke gedoen om die menigtes in kennis te stel wanneer hy 'n dorp besoek het. Dit was altyd goed georganiseerde byeenkomste, met idees van aansporing om gehoordeelname te bevorder met gevolglike “berouvolle sondaars” wanneer die altaaroproep aan die einde gedoen word. Honderde en duisende mense was emosioneel aangeraak om met die paadjie af te stap onder begeleiding van 'n treurige lied: “Net soos ek is”.

Belangrike vrae

Soos reeds opgemerk, het Billy Graham, so ver as wat mens kon sien, 'n morele lewe geleef, uitspattighede vermy en beskeie saam met sy vrou en vyf kinders geleef. Dit sou goed wees as ons almal daardie standaard volg! Wanneer dit nogtans kom by sy evangeliese boodskap, behoort ons dit nie afsonderlik, analities, en sonder emosie te evalueer teen die Skrif nie? Is dit verkeerd om te vra, “is die boodskap van die evangeliese beweging volledig of skort daar iets?” Is daardie

vraag buite orde?

Onthou dat Jesus ons beveel het wat ons moet doen, soos wat dit in die bekende Bergpredikasie staan: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind" (Matthéüs 7:13-14). Dit was 'n algemene tema van Billy Graham.

Laat ons egter die presiese aard van die Evangelie wat Jesus verkondig het ondersoek. "Evangelie" is 'n woord wat lukraak in godsdienstige en nie-godsdienstige kringe rond-geslinger word. Ons hoor van "christelike musiek" [gospel music] en "evangelieprediking", maar wat IS die Evangelie volgens die Bybel? Baie mense dink hulle weet, maar weet hulle regtig? Die woord evangelie beteken bloot "goeie nuus". Wat IS daardie goeie nuus?

Baie evangeliegesindes verstaan tereg dat 'n man met die naam Jesus op 'n besondere manier deur God verwek is. Hy was waarlik die Seun van God! Die feite van Jesus se lewe, dood en opstanding IS goeie nuus! So is ook die feit dat Hy 'n volmaakte lewe gelei en gesterf het om die straf vir ons sondes te betaal. Baie word egter dikwels uit die boodskap van die Evangelie uitgelaat. Terwyl na sonde verwys word, word dit selde gedefinieer en wanneer dit gedefinieer word, stem dit ooreen met die Bybel

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Die dood van "Amerika se pastoor"

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die skokkende gewelddadigheid 3

Ons reeks oor die Hervorming kom tot 'n hoogtepunt met die verrassende en dikwels onvermelde wrede taktiek van die hervormers.

Aborsie

Die ware storie 10

Aborsie bly een van die mees omstrede onderwerpe van ons tyd. Die feite is egter duidelik en dit kom uit verrassende bronne.

Is tradisionele

Christelikheid Bybels? 16

Is tradisionele Christelikheid dieselfde as Bybelse Christenskap? Indien dit nie was nie, hoe sou u dit weet? Dit is nodig dat u dit self verstaan!

Dit is Londen wat roep:

Die NHS: Onbevoeg vir diens? 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die werke van Sy Hande Swart gate: Leviatans van die kosmiese ruimte 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345
London, WC1N 3XX
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die waarheid agter die Protestantse Hervorming

DEEL 8

Die skokkende gewelddadigheid van die hervormers

Het die hervormers hulle volgelinge teruggelei na die “geloof wat eenmaal oorgelewer is”? Lees die skokkende metodes van die hervormers in hierdie aflewering wat gebaseer is op dr. Roderick C. Meredith se boek wat binnekort sal verskyn.

Roderick C. Meredith (1930-2017)

Verrassend soos dit mag wees, het die meeste van ons nog nooit regtig bewys waarom ons die dinge glo wat ons glo nie – veral daardie dinge aangaande God en die ewigheid!

Waarom is dit so?

Dit is as gevolg van 'n flater in die menslike natuur wat ons geneig maak om te *aanvaar* dat wat ons ouers, vriende en medewerkers ons ookal vertel, heeltemal *waar* is. Sodra ons eers roekeloos van hulle verskillende idees en oortuigings aanvaar het, hou ons nie daarvan om te *verander* of om te oorweeg dat *ons verkeerd mag wees nie!*

Die duidelike feite van die geskiedenis wat in hierdie reeks uitgelig word, mag dus skokkend voorkom vir baie mense wat voorheen *aanvaar* het dat wat vandag “Christelikheid” genoem word, waarlik die geloof is wat deur Jesus Christus en Sy Apostels verkondig is. Dit is beslis *nie* die geval nie! Ons kan nou sê dat die Bybelse en ge-

skiedkundige bewyse van hierdie stelling *meer as genoeg* in hierdie reeks artikels *gedemonstreer* is. Dit is iets wat elke opregte persoon *vierkantig in die gesig moet staar!*

Laat ons ons nie blind hou vir die betekenis van die waarheid nie!

In hierdie reeks het ons uit die outentieke geskiedenis gesien dat *heidense* seremonies en tradisies kort na die dood van die oorspronklike Apostels op groot skaal in die belydende Christelike kerk ingebring is. Daar is aangetoon dat heidense filosofieë en oortuigings ook in hierdie tyd ingekom het.

Ons het die geestelike *korrupsie* en *verdorwenheid* van die sigbare kerk in die “Donker Middeleeue” bespreek. Terwyl ons Luther se opstand teen hierdie stelsel ondersoek het, het ons gevind dat hy terselfdertyd teen *alle* gesaghebbende opdragte van God en Sy Woord gerebelleer het. Omdat hy 'n afkeer gehad het aan die klem

wat Jakobus geplaas het op die noodsaaklikheid om God se Wet te *gehoorsaam*, het Luther hierdie geïnspireerde boek “'n sendbrief van strooi” genoem.

Ons het gesien hoe Luther op die *politieke mag* van die Duitse vorste staatgemaak het om hom te ondersteun en hoe dit hom genoodsaak het om *bigamie toe te laat* en 'n “goeie sterk leuen” aan te beveel om hulle politieke guns te behou.

Johannes Calvyn se diktatoriale metodes en betrokkenheid in die politiek was vir baie mense skokkend. Sy bereidwilligheid om 'n godsdienstige teenstander *lewendig te verbrand*, sal in hierdie aflewering bespreek word.

In die vorige uitgawe het ons gesien hoe *seksuele wellus* en hebsug vir *mag* veroorsaak het dat Henry VIII die Engelse opstand aan die gang gesit het – 'n beweging wat eerlikwaar nie 'n godsdienstige beweging in die ware sin van die woord genoem kan word nie.

Ons het dikwels die ontnugterende vraag gevra: Was die Hervorming deur God se Heilige Gees geïnspireer en gelei? Het dit mense werklik gelei om na die geloof en praktyke van Jesus en die Apostels terug te keer?

Onthou Jesus se waarskuwing: “Maar pas op vir die valse profete” (Matthéüs 7:15). Hy het gesê: “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken” (vers 16). Die “vrugte” van die Protestantse hervormers bestaan sekerlik uit 'n baie groot deel wat *nie* goed is nie. Hulle *motiewe*, *metodes* en die *resultate* was *geensins* dié van Jesus en Sy Apostels nie!

Nadat ons die *feite* van outentieke geskiedenis regdeur hierdie reeks gegee het, laat ons nou die *motiewe* en *metodes* van die Protestantse hervormers ondersoek in die lig van die boek wat hulle beweer dat hulle daarin glo, die Bybel.

Die Bybel en die Hervorming

Ons het die basiese *grondslag* van die Protestantse kerke van vandag ondersoek. Ons het na die *bron* van “verdeelde Christendom” van ons tyd gaan.

Indien daar een ding is waaroor alle godsdienstiges saamstem, dan is dit die betreuenswaardige feit dat die Protestantse hervormers 'n godsdienstige “Babilon” van ontsaglike omvang aan ons nagelaat het. Soos ons gesien het, moet byna elke groot Protestantse denominasie sy geskiedenis, direk of indirek, naspoor sedert die Hervorming

van die sestiende eeu. Tot op daardie tydstip was hulle *godsdienstige voorouers* almal onder die invloed van die Rooms-Katolieke kerk.

Jesus Christus het gesê: “... op hierdie rots sal Ek my gemeente (kerk) bou...” (Matthéüs 16:18). Ons kan ons net Sy reaksie voorstel by die aanskoue van honderde *verskillende* kerke wat almal op Sy naam en goedkeuring aanspraak maak.

Ons wonder wat die uitspraak van Christus se getroue apostel Paulus sou wees, wat ons aangemoedig het om “die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede” en geïnspireer was om te sê: “Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is” (Efésiërs 4:3-6).

Nodeloos om te sê, hierdie eenheid *vind ons nie* in die Protestantse wêreld van vandag nie. Daar is *baie* gelowe en *baie* gemeentes of kerke. Al te dikwels toon hulle dieselfde *antagonisme* as wat Luther teenoor die Switserse hervormers gevoel het: “Julle het 'n *ander gees* ... Ons kan julle nie as broeders erken nie” (Schaff, Philip P., *History of the Christian Church*, vol. VII. Wm. B Eerdman's Publishing company, 1950. bl. 645).

Jesus het gesê: “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken” (Matthéüs 7:16). Dit is 'n *onweerlegbare feit* dat die “vrugte” van die

Protestantse Hervorming die *verdeelde “kerklikheid”* van ons dag is. Ons moet aan die begin sê dat dit *slegte vrugte* is.

Paulus sê aan ons dat die Gees van God *eenheid* meebring – nie verdeeldheid nie. Daarom behoort ons in retrospek te ondersoek wat die gees was en wat die *motiverende faktore* was wat die godsdienstige *verwarring*, wat voortgespruit het uit die Hervorming, tot gevolg gehad het.

Nasionalisme en wellus

Ons het gesien hoe die gees van *nasionalisme* net voor die Hervormingsbeweging dwarsdeur Europa toegeneem het. Die mense van Europa was moeg vir Rome se godsdienstige en finansiële onderdrukking.

Daarom het Luther dadelik baie aanhangers gekry onder die Duitse adel en middelklas toe hy uitgeroep het: “Ons is gebore om *meesters* te wees ... Dit is tyd dat die *glorieryke Teutoniese volke* behoort op te hou om die marionet van die Roomse pous te wees” (Bettenson, Henry, *Documents of the Christian Church*. New York: Oxford University Press, 1947. bl. 278). Ons het ook gesien hoe die Engelse adel aan Henry VIII se “hervorming” toegewy was *omdat* hulle toegelaat was om op die *rykdom* van die kloostergronde en instellings *beslag te lê*. In laasgenoemde geval het ons opgemerk dat hulle parlementêre verteenwoordigers hul “godsdienst” *drie keer verander* het en “sou vir die vestiging van die Mohammedaanse gods-

diens gestem het” indien die monarg dit versoek het.

Dit was die *seksuele wellus* wat Henry VIII vir Anne Boleyn gehad het, wat die beginpunt van die Engelse opstand teen Rome baie duidelik aandui.

Natuurlik bestaan daar *geen twyfel* dat baie duisende van die gewone mense in al hierdie lande opreg, nie net alleen 'n verlossing van die tirannie van Rome opreg begeer het nie, maar ook die herinstelling van godsdienstige waarheid en godsdiensvryheid. *Mense volg egter hulle leiers.*

Die werklike vraag is nie wat *moontlik kon* gebeur het nie, maar wat *wel* gebeur het en wat die politieke en godsdienstige *leiers* van die Hervorming gemotiveer het.

“Aan die einde was dit 'n *nasionale stelsel* van Hervorming wat uitgevoer is ... In daardie lande waar die *nasionale* en *politieke* motivering afwesig of verswak was, het die godsdienstige beweging misluk” (Plummer, Alfred. *The Continental Reformation*, Londen: Robert Scott, 1912. bl. 16).

Ons sien dus dat die gees van nasionalisme 'n baie *belangrike faktor* was om die Hervorming te laat slaag. Dit is belangrik om te besef dat hierdie einste *verheffing van nasies* nou uitgeloop het op die bedreiging van *menslike uitwissing* in ons tyd!

As gevolg van *politieke, finansiële* en *nasionalistiese* redes het mense teen die Kerk van Rome in opstand gekom. Hulle het persoonlike oordeel en

redenاسies opgehemel. In die plek van die Roomse gesag wat veronderstel was om *God* te verteenwoordig, het hulle *nasionalistiese gesag* geplaas – asook die *gode van oorlog!*

Dit is waar dat Luther en Calvyn persoonlike godsdienstige motiverings gehad het. Soos ons beskryf het, was Luther se denke geteister deur 'n onophoudelike *skuldgevoel*. In sy uiterste klem op verlossing deur die geloof *alleen*, het hy desperaat probeer om 'n stelsel te versin waar die *Wet* van God en die *geregtigheid* van God geen plek sou hê nie.

Luther se *persoonlike* geestelike opstand sou egter min invloed op Duitsland of die wêreld gehad het, as hy nie 'n beroep gedoen het op die *politieke* en *finansiële* instinkte van die Duitse vorste nie. “Dit is waar om te sê dat die motiewe wat tot die Lutherse opstand gelei het, tot 'n groot mate *sekulêr* eerder as geestelik van aard was” (Plummer, bl. 9).

Terwyl die hervormings onder Luther en Calvyn 'n element bevat het van godsdienstige oortuiging onder die geestelike leiers, het hulle hoofsaaklik die *materialistiese griewe* van die vorste en die mense aangewend as 'n aansporing om teen Rome te rebelleer. Dit was 'n gees van *nasionalisme* wat die algemene sukses van hierdie bewegings verseker het.

Gewelddadige metodes van die hervormers

Toe dit op 'n konfrontasie

uitloop, was die Protestantse hervormers net so gereed om hulle tot *geweld, bloedvergieting* en *vervolging* te wend as hulle Rooms-Katolieke teëstanders. In enige bespreking van die *metodes* waarmee die Hervorming triomfeer het, moet hierdie feit erken word.

Ons het reeds gesien hoe Luther die Duitse vorste tot sy saak *oorgehaal* het. Hoe hy hulle *gebruik het* om Katolisisme te beveg en om diegene wat nie met hom saamstem nie, te *vervolg*, is 'n ander saak. Die selfde beginsel kan op Zwingli en Calvyn van toepassing wees asook op die politieke gesag onder hulle beheer en koning Henry VIII en sy onderdanige parlement en adel.

Onthou ons nog Luther se besete beroep op die Duitse vorste om die plaasboere wat die beginsel van sy leerstellings op hulle eie omstandighede toegepas het, “in die geheim of in die openbaar te *slaan, te verwurg* en *dood te steek*”? Onthou ons nog dat hy homself in 1529 weerspreek en gesê het dat Christene “*gebonde*” is om *hulle tot wapens te wend* om hulle Protestantse oortuigings te verdedig?

Dit is ook 'n feit dat Luther die *vervolging* en *marteling tot die dood* van die Anabaptiste en ander sektes wat sy leerstellings verwerp het, *goedgekeur* het. Toe hy kommentaar gelewer het op die *onthoofding* van die Anabaptiste in Sakse, het hy gesê “hulle dapperheid het getoon dat hulle van die duiwel besete was” (Plummer, bl. 174).

Op diegene wat nie saamgestem het met die *nasionale kerkstelsel* wat op die Engelse mense *afgedwing* was nie is dieselfde straf toegepas. Buiten die *honderde* adelikes en gewone mense wie hulle lewens verloor het deur die persoonlike en godsdienstige skynheiligheid van Henry VIII, het honderde ander hulle lewens verloor onder die bewind van sy Protestantse dogter, Elizabeth I.

Diegene wat geweier het om die *godsdienstige oppergesag* van die Engelse monarg te erken, was behandel asof hulle aan hoogverraad skuldig was. "Voor 1588 was *twalf-honderd* Katolieke reeds slagoffers van die vervolging. In Engeland alleen is honderd-twee-en-veertig priesters gedurende die laaste twintig jaar van Elizabeth se regering gehang, uitmekaar getrek, en in stukke gekap vir hulle geloof. Negentig priesters en godsdienstiges het in gevangenskap gesterf, een honderd-en-vyf is lewenslank verban en twee-en-sestig lekebroeders is doodgemartel" (Deharbe, Joseph, *A History of Religion*. Londen: Burns and Cates, 1880. bl. 484).

Dit was nie net die monarge wat onverdraagsaamheid in Engeland toegepas het nie, maar ook die *Protestantse godsdienstleiers*. Gedurende die bewind van die jong koning Edward VI, het Aartsbiskop Cranmer hom oorreed om die *doodsvonnis* van twee Anabaptiste, een van hulle 'n *vrou*, te bekragtig. Hulle is op die *brandstapel verbrand*. In

verband hiermee vertel Schaff aan ons: "Die Engelse hervormers was nie ver agter dié van die vasteland wanneer dit by *onverdraagsaamheid* gekom het nie" (Schaff, bl. 711).

Nadat Calvinisme in Skotland bekend gestel is, was diegene wat die Katolieke geloof bely het onderworpe aan die *doodstraf* en baie het met hulle lewens geboet vir hule godsdienstige oortuigings (Deharbe, bl. 485).

Onthou dat hierdie mense slagoffers van *Protestantse* vervolging was!

Deur hulle te beroep op *finansiële* of *nasionalistiese* motiewe en betrokke te raak met en deur die *politieke mag* te *domineer*, kon die leidende Protestantse hervormers hulle leerstellings op die gewone mense *afdwing*. Voordat hulle *politieke mag* verkry het, het die hervormers almal aangedring op die *onvervreembare reg* van elke Christen om die Bybel self te bestudeer en om die leerstellings daarvan onafhanklik te beoordeel (Deharbe, bl. 620). Sodra hulle egter aan bewind was, *wee* die Katolieke, die Anabaptis of enigeen wat steeds daarop aangedring het op hierdie "onvervreembare reg"!

Soos ons gesien het, was dit *dieselfde situasie* onder Johannes Calvin se "teokrasie" in Genève, Switserland. Fisher meld: "Nie alleen goddeloosheid en dronkenskap nie, maar ook onskuldige vermaak en die verkondiging van uiteenlopende teologiese leerstellings, is *swaar gestraf*" (Fisher, George P.,

History of the Christian Church. New York: Charles Scribner's Sons, 1897. bl. 325). Ons het reeds sommige van die *honderde* gevalle waar mense onderworpe was aan *tronkstraf*, *openbare geseling* of die *doodstraf* weens onskuldige vermaak of omdat hulle nie *saamgestem* het met Johannes Calvin se godsdienstige idees nie, gekatalogiseer.

Een geval wat egter deur byna *al* die hervormers van daardie tyd verdedig was, staan uit. Dit is een wat ons veral behoort te onthou as 'n uitstaande voorbeeld van die *redenasie* van die vroeë hervormers, oor die onderwerp van godsdienstige *verdraagsaamheid*. Dit is die marteldood van Michael Servetus.

Michael Servetus se verbranding

Servetus was 'n man van omtrent dieselfde ouderdom as Calvin. Alhoewel hy in Spanje gebore is, was hy 'n geneeskundige in Frankryk en dit word beweer dat hy Harvey se ontdekking van die bloedsomloop te wagte was. Toe hy nog 'n jong man was, het hy 'n boek oor die "foute van die Drie-eenheid" gepubliseer. Daarin het hy nie saamgestem met die algemene leerstellings van God as 'n Drie-eenheid, soos voorgehou deur Katolieke en Protestante nie. Sy posisie was soortgelyk aan dié van die Unitariër-geloof [eenheids-geloof] van vandag (Plummer, bl. 170).

Omdat hy hierdie leerstel-

ling onderrig en daarvoor geskryf het en ook omdat hy 'n ander siening oor die presiese aard van Christus se goddelikheid gehad het, is hy deur beide Katolieke en Protestante gehaat en vervolg.

Terwyl hy voor die die Katolieke Inkwisisie in Wene, Frankryk gevlug het, was hy dwaas genoeg om deur Protestantse Genève te reis. Iemand het hom herken en sy teenwoordigheid aan Calvyn gerapporteer. Hy is gearresteer en in die gevangenis opgesluit (Plummer, bl. 172).

Toe Servetus se verhoor voor die Calvyn-gedomineerde Raad begin het, het Johannes Calvyn aan 'n mede-hervormer geskryf: “Ek hoop dat die uitspraak die *doodsvonnis* sal wees ...” (Plummer, bl. 172).

Plummer gaan voort:

Tydens die verhoor het Calvyn as aanklaer opgetree en dit was nie moeilik om Servetus sover te kry om homself hopeloos te inkrimineer nie ... Dit is een van die baie pynlike kenmerke van hierdie geval dat dit duidelik was dat dit in Calvyn se belang sou wees om Servetus te veroordeel, aangesien so 'n oorwinning sy posisie in Genève baie sou versterk. Die saak het voortgesleep en soos in Bolsec se geval, was daar baie korrespondensie met ander owerhede, beide kerklik

en burgerlik, in Switserland. Op die ou einde was dit duidelik dat Calvyn se vyande misluk het en dat die Protestantse gesindheid ten gunste daarvan was om so 'n pes soos Servetus van die aardbol af te verwyder. Op 26 Oktober is hy gevonnissen om die volgende dag lewendig verbrand te word. Calvyn het 'n meer gematigde vorm van dood gevra, maar sy versoek is geweier. As gevolg van die laksman se onhandigheid was Servetus se smarte verleng. Sy laaste uitroep was: “Jesus, Seun van die Ewige God, ontferm U oor my” en dit is opmerklik dat “ewige” die byvoegsel is, nie van die Seun nie, maar van God. Die boek waarvoor Servetus veroordeel is, was aan sy nek vasgebind om saam met hom verbrand te word. Dit het afgeval en is uit die vlamme gered. Dit kan nou nog in die Nasionale Biblioteek in Parys gesien word – 'n afgryse gedenkwaardigheid van Hervormings-“etiek”.

Ons behoort altyd te onthou dat om Servetus dood te maak, nie Calvyn, die Raad of die Switserse Regerings wat hulle geraadpleeg het, enige jurisdiksie

daarvoor gehad het nie. Hulle daad was 'n lynchwet [vonnisvoltage sonder verhoor], een van die afgryse soort (Plummer, bl. 172-173).

Ons let op dat selfs die Protestantse geskiedkundige gedwing word om te erken dat een van die *twee grootste* Protestantse hervormers 'n onwettige lynchwet-prosedure gebruik het om 'n godsdienstige teenstander te *vernietig!*

Die naakte *waarheid* is dat dit niks anders as 'n “*ordentlike*” moord was nie!

Jesus Christus sê: “Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg” (Matthéüs 5:44).

Die apostel Paulus was geïnspireer om te skryf: “Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink” (Romeine 12:19-20).

Deur duidelik aan te toon dat die reg van siviele oordeel of ter dood veroordeling van andere in geestelike aangeleenthede *nie* aan feilbare mense *gegee is nie*, het Jesus die vrou wat tydens egbreek betrap is, *vrygespreek* (Johannes 8:11). Hy beveel: “Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie” (Matthéüs 7:1).

Het Johannes Calvyn hierdie skrifte geken? Het hy hierdie beginsels verstaan wat byna alle beskaafde mense sedertdien leer ken het?

Hoe kon Calvyn so 'n keuse gemaak het?

Die Protestantse geskiedkundiges antwoord: “Hy neem maklik die *voortou* onder die sistematiese uitleggers van die Gereformeerde stelsel van die Christelike leerstellings ... Calvyn se teologie is gebaseer op 'n deeglike kennis van die Skrifte” (Schaff, Philip P., *History of the Christian Church*, volume VIII. Wm. B. Eerdmans Publishing company, 1950., bl. 260-261).

Hier was 'n man wat die Bybel werklik *geken* het. Hy het geleerde kommentare daaroor geskryf en was deeglik vertrouwd met die leerstelling en voorbeeld van Christus en die geïnspireerde Nuwe Testamentiese Kerk.

Tog was hy nie gewillig om dit net alleenlik te vergewe nie, maar om *direk te veroorsaak* dat 'n man *verbrand* word omdat hy nie met sy godsdienstige leerstellings saamgestem het nie. In die lig gesien van alles wat Jesus Christus *onderrig*, *voorgestaan* en *geleef* het, staan Johannes Calvyn veroordeel as 'n *moordenaar*. Het hy *bedoel* om dit te wees? Was hy *opreg*? Of was dit *onbedagsame optrede* wat in die hitte van die oomblik uitgevoer is?

Op die laaste vraag mag ons antwoord *negatief* wees. Na genoeg tyd vir deeglike oorweging

het Johannes Calvyn probeer om hierdie afskuwelike daad te *verdedig* en homself te *regverdig*. So buitengewoon as wat dit mag voorkom, het *baie* van die ander voorste hervormers dit ook gedoen!

Gedurende die jaar na die verbranding van Servetus, beweer Calvyn aanmatigend: “Wie nou ook al beweer dat dit onregverdig is om kettters en godslasteraars te dood, sal willens en wetens skuld op hulleself laai. Dit is nie op menslike gesag vasgestel nie; dit is God wat praat en 'n ewigdurende *reël* vir Sy Kerk voorskryf” (Schaff, bl. 791).

Dit is 'n ontnugterende *waarheid* dat, indien Johannes Calvyn se soort “ewigdurende *reël*” vandag teen kettters uitgevoer word, *baie* min van ons lank sou bly leef!

Gelukkig vir sy naam, het Luther nie geleef om 'n vonnis uit te spreek ten gunste van Servetus se verbranding nie. Omdat ons egter sy vroeë rekord ken, is dit byna *seker* dat hy met Calvyn sou saamstem om Servetus te dood.

Luther se naaste bondgenoot en adviseur Philip Melanchthon het nogtans vinnig laat blyk dat hy met Calvyn saamstem. Hy het later aan Bullinger, nog een van die Switserse hervormers, geskryf: “Ek is ook van mening dat die Geneefse Senaat volkome *reggedoen* het om 'n einde te maak aan hierdie hardkoppige man wat nooit met godslastering kon ophou nie. Ek verwonder my oor diegene wat kapsie maak teen

hierdie soort strengheid” (Schaff, bl. 707).

Ons sien dus dat die Duitse hervormers met die Switsers *saamgestem* het om 'n man *dood te brand bloot omdat hy nie met hulle teologiese siening saamgestem het nie!*

Ons het gevra of Calvyn in alle opsigte *opreg* kon wees. Dit is 'n moeilike vraag, waarop *net* God die *volmaakte* antwoord ken. Die menslike denke speel soms truuks op ons. Ons *ignoreer* dikwels *opsetlik* daardie dinge wat ons nie wil erken nie. Soos ons binnekort sal sien, is dit duidelik dat beide Luther en Calvyn dit gedoen het in die ontwikkeling van hulle leerstellings en ook in sommige van hulle optredes.

Om nogtans te oordeel uit die feite tot ons beskikking en van eietydse getuïenis, blyk dit dat Calvyn egter *bedoel* het om opreg te wees. In sy eie denkwyse was Calvyn op een of ander manier opreg om te voel dat dit reg was om *Servetus* vir godsdienstige meningsverskil te *verbrand*, alhoewel hy en die ander hervormers aanspraak gemaak het op vryheid van die individuele gewete in hulle stryd met Rome.

Die rede vir Protestantse geweld en vervolging

Die antwoord op die moord van Servetus lê dus nie in voortvarendheid waaroor daar later berou getoon is nie en ook nie in Calvyn se totale gebrek aan opregtheid nie. Wat *is dan* die antwoord?

Dieselfde antwoord word in

wese deur baie Protestantse geskiedkundiges gegee. Dit is een wat *elke* eerlike student van die Bybel en die geskiedenis moet erken.

Die *antwoord* is dat, selfs lank nadat hulle hulself van Rome afgesonder het en hulle “bekeer” het tot Protestantisme, die vroeë hervormers en hulle volgelingen nog steeds letterlik *deurdrenk* was met die *leerstellings*, die *idees* en die *gebruike* van hulle “moeder”-kerk in Rome. “Die hervormers het die *leerstelling van vervolging* van hulle moederkerk *geërf* en dit beoefen tot sover as wat hulle die mag gehad het. Hulle het onverdraagsaamheid met onverdraagsaamheid beveg. Hulle het goedgeunstiglik verskil van hulle teenstanders in mate en omvang, maar *nie* in *beginsel van onverdraagsaamheid nie*” (Schaff, Volume VIII, bl. 700).

Soos ons sal sien, openbaar hierdie openhartige erkenning deur Schaff waarom so *baie* van die Protestantse leerstellings en optredes so heeltemal teenstrydig was met hulle verklaarde voorneme om alles “*slegs* op die Bybel” te baseer.

Ons het gesien dat Martin Luther *politiek gespeel* het, *veelwywery vergewe* het, *'n leuen* opgedis het, die *slagting* van plaasboere en die *teregstelling* van Anabaptiste aangemoedig het (wat *verdrinking* van baie van hulle ingesluit het).

Daar is aangetoon dat die Engelse opstand met die *wellus* van Henry VIII begin het en dat

hy en koningin Elizabeth en hulle Protestantse teoloë almal deel gehad het aan die *slagting* van honderde Katolieke, Anabaptiste en later van Puriteinse andersdenkendes.

Ons het nou die deel hersien van watter rol Johannes Calvyn en die Switserse hervormers gespeel het in die *vervolging* van Anabaptiste en die wrede *straf* en *teregstelling* van hulle eie Geneefse burgers omdat hulle *nie* in alle opsigte met Calvyn se leerstellings saamgestem het nie. Laastens het ons die *ooreenkoms* beskryf van byna *al* die vroeë Protestantse leiers in die “lynchwet” van teregstelling deur *verbranding op die brandstapel* wat Calvyn vir *suiwer godsdienstige redes* op Michael Servetus opgelê het.

Ons het *bewys* dat dit “koelbloedige” moorde was. Dit was *nie* die gevolg van woede in die hitte van die oomblik nie. Ook was diegene wat verantwoordelik was, *nie* deur *tydelike versteurdheid* geteister nie.

Hierdie *misdade* in die naam van godsdiens was *vooraf beplan* en was steeds met teologiese argumente verdedig, lank nadat dit gepleeg is!

Ons het gesien dat die *ware verduideliking* gevind kan word in die feit dat die vroeë hervormers *baie van die leerstellings en gees* van hulle “moeder”-kerk “geërf” het. Hulle was as mense *geestelik dronk* – *nie* in staat om die *werklike betekenis* en *gevolge* van hulle leerstellings en daede in te sien nie!

Nota van die Redakteur:

Dit was vir ons 'n voorreg om hierdie reeks deur dr. Roderick C. Meredith, Hoofredakteur van die *Wêreld van Môre*, tot en met sy dood in Mei 2017 te publiseer. Hy het die werk wat ons hier in reeksvorm gepubliseer het, as een van die belangrikste werke beskou wat hy nog ooit nagevors en geskryf het. Die waarheid agter die Protestantse beweging en sy leiers, word van die begin van die reeks ywerig verduidelik en is net so boeiend en plofbaar vandag soos wat dit die eerste keer was toe hy sy navorsing, meer as 60 jaar gelede, gepubliseer het.

Daar is nog een laaste hoofstuk oor, maar dit is hopeloos te lank dat ons dit nie as 'n tydskrifaflewering hier in die bladsye van die *Wêreld van Môre*-tydskrif kan insluit nie. Ons kondig egter met graagte aan dat ons van plan is om die *volledige reeks van hierdie artikels* – met inbegrip van die laaste hoofstuk – kosteloos beskikbaar te stel as 'n enkele publikasie aan almal wat dit aanvra! Die werk met die titel, *Die duidelike waarheid agter die Protestantse Hervorming* sal binnekort verskyn!

Aangaande die laaste hoofstuk het dr. Meredith geskryf dat “ons doel is om die werklike *doel* agter die Protestantse beweging bloot te lê asook die ontstellende *motivering* agter die godsdienstige *verwarring* en geestelike *dronkenskap* wat aan ons geslag nagelaat is. Die feite vervat in hierdie reeks het 'n

Vervolg op bladsy 26

Aborsie: Die ware storie

Deur Gerald E. Weston

Aborsie is een van die mees omstrede onderwerpe van ons generasie, nogtans is daar te midde van al die wrewelrigheid en debatte, waarhede wat nie ontken kan word nie.

Hierdie artikel is die eerste in 'n reeks van twee afleverings wat die duidelike en eenvoudige waarheid oor aborsie ondersoek, met inbegrip van opmerkings wat selde gehoor word vanaf diegene wat van die mees kritieke “binnekring”-rolle in die aborsiebedryf gespeel het.

Kinders en kleinkinders is seëninge van God. Indien u daarvoor twyfel, vra iemand wat nooit die eerste oomblik na geboorte ervaar het nie, wanneer klein vingertjies en toontjies noukeurig getel word. U kan my vra, want ek val in daardie kategorie. Ek en my vrou is reeds 49 jaar getroud. Ons het beplan om kinders te hê, maar soms werk die lewe net nie soos mens dit beplan nie. Vir sommige ander mense word kinders egter as 'n ongewenste las beskou wat ten alle koste vermy sal word, selfs al beteken dit dat hulle moet kies om 'n aborsie te hê.

Indien daar een onderwerp is wat die meeste politici wil vermy, dan is dit aborsie. Die aborsie-kwessie is 'n geeneenwensituasie. Hulle sal in elk geval 'n groot aantal kiesers van hulle verloor, ongeag wát hulle siening ookal sou wees. Dit bly 'n omstrede kwessie met diep gewortelde emosies aan albei kante, maar aborsie **behoort nie** oor stemme te gaan nie. Aborsie is 'n kwessie van lewe-of-dood en 'n pynlike onderwerp vir baie vroue wat 'n besluit

betreur wat hulle vroeër in die lewe geneem het. 'n Besluit wat dikwels onder groot spanning geneem was: Spanning weens druk van buite, spanning as gevolg van vrees vir die toekoms en spanning wat handel oor 'n probleem waarvoor daar skynbaar geen maklike antwoorde is nie. Wat gelyk het na 'n goeie oplossing in 'n moeilike situasie op die ouderdom van 17 jaar, mag dalk nie so eenvoudig lyk op die ouderdom van 37 jaar nie. So moeilik as wat dit vir 'n 17-jarige mag lyk, kom die ouderdom van 37 werklik en vir 'n hele paar kom die spytgevoelens uiteindelik na vore.

Voordat ek verder gaan, wil ek u nou verseker dat die doel van hierdie *Wêreld van Môre*-artikel nie oor veroordeling gaan nie, maar eerder oor onderrig en hulp. Aborsies het al baie spyt meegebring – nie net vir die vroue wat dit ondergaan het nie, maar ook soos ons in hierdie artikel sal sien, vir sommige van die mense wat dit aanmoedig en uitvoer het. Alhoewel hierdie artikel nie geskryf is om te veroordeel nie, beteken dit nie

dat daar met reg en verkeerd weggedoen word nie. Reg en verkeerd bestaan en ons almal sal eendag verantwoording doen vir die besluite wat ons geneem het.

Hierdie onderwerp bly net so omstrede soos wat dit 40 jaar gelede was en dit raak baie vroue (en mans) regoor die wêreld. In die V.K. is die abortering van fetusse onder die ouderdom van 24 weke wettig verklaar met die Aborsiewet van 1967. Die Verenigde State het aborsie in 1973 gewettig met die *Roe v. Wade*-beslissing [wat 'n vrou se reg erken om self oor aborsie te besluit]. In 1988 is aborsie in Kanada gewettig toe die Kanadese hooggeregshof 'n byna 100-jarige wet wat dit verbied, geskrap het. Soortgelyke besluite bestaan in baie lande regoor die wêreld. Op sommige plekke word seuntjies aanvaar, terwyl daar van dogtertjies ontslae geraak word. Hoe ondersteun dit vroue se regte om te kan kies? Tog bly dit 'n groot geskilpunt in baie lande, *ondanks wette* wat dit *wettig* maak om die lewe van 'n ongebore kind te beëindig.

Wat is die feite?

Die Westerse media beeld dikwels anti-aborsie mense uit as godsdienstige fanatici of as ontstoke betogers wat in ander mense se gesigte skree. Dit is slegs gedeeltelik waar. Mens sou na aanleiding van berigte in die media kon dink dat die oorgrote meerderheid glo dat dit moreel reg is om die lewe van 'n ongeboore kind te beëindig. Is dit werklik waar? Nee, dit is nie! Byvoorbeeld, hier is slegs een feitlike aanhaling wat baie mense ongetwyfeld sal verbaas, vanuit 'n bron wat nog meer verrassend mag wees.

Kirsten Powers is 'n joernalis, televisiekommentator en 'n self-verklaarde liberalis wat die meeste liberale strewes aanhang, maar in haar boek, *The Silencing: How the Left is Killing Free Speech*, wys sy die volgende uit: “Dit is opvallend dat, alhoewel dit lyk asof universiteits-administrateurs en studente-bestuursgroepe die agenda vir pro-aborsie met ope arms ontvang, kan dieselfde aanname nie van alle kollege-studente gemaak word nie. 'n Thomson Reuters Nationalmeningspeiling vir die *NPR* [*National Public Radio*] het in 2011 bevind dat onder Amerikaners jonger as vyf-en-dertig jaar, 65,5% geglo het dat 'om 'n aborsie te hê, verkeerd is', die hoogste persentasie van enige ouderdomsgroep (dit was 57% vir dié tussen vyf-en-dertig en vier-en-sestig en 60,9% vir diegene wat ouer as vier-en-sestig is)” (bl. 170).

Volgens hierdie hoogs-ge-

respekteerde meningspeilings-agentskap aan wie opdrag gegee is deur die *American National Public Radio*, is byna twee-derdes van *millennials* van mening dat dit verkeerd is om 'n aborsie te hê. Powers gee vervolgens die peiling-uitslag van wat sy as liberalis, erken dat dit 'n linkse peilingagentskap is en daarom kan die resultate effens na links neig. Terwyl die getalle aansienlik verskil, is dit nog steeds verbasend in terme van pro-lewe ondersteuning: “Die links-gesinde *Public Religion Research Institute*. (*PRRI*), het in 2011 berig dat 'millennials in terme van die moraliteit van aborsie verdeeld is', met 50% wat gesê het dat hulle nie dink dat om 'n aborsie te hê moreel aanvaarbaar is nie” (Powers, bl. 170).

Ek het persoonlik die inligting oor die ondersteuning of die gebrek daaraan nagegaan. Meningspeilings wissel van land tot land, van maand tot maand, van jaar tot jaar en veral van hoe die vrae gestel word, van een agentskap of peiling na 'n ander. Ek stem heelhartig saam met Kirsten Powers se gevolgtrekking wat betref hierdie peilings: “Op die heel minste toon dit dat die groepe soos *Voice for Life* [‘n pro-lewe organisasie] nie 'n uitsondering is nie, behalwe vir die nie-liberale linksgesindes”. (Powers, bl. 170).

Indien meningspeilings korrek was, was 60% Kanadese in 2012 ten gunste van onbeperkte aborsie, maar hou egter in gedagte wat “onbeperk

beteken. Het diegene wat op die peiling reageer het, regtig verstaan waaroor hulle saamgestem het? Indien daar geen beperkings is nie, beteken dit dat mens 'n baba op agt maande kan aborteer! Is dit wat hulle werklik glo? 'n *National Post*-artikel het daarop gewys dat dit dalk meer gegaan het oor die feit dat Kanadese hulle onafhanklikheid wou toon in die lig van 'n teenoorgestelde tendens in die Verenigde State. Natuurlik het die wyse waarop die vrae gestel word, baie met die finale uitslag van 'n peiling te doen. Wat die rede ookal is, is dit moeilik om te glo dat 60% Kanadese onder alle omstandighede en in alle stadiums, veral in die laaste trimester, onbeperkte aborsie sou voorstaan, maar indien wel, kan Kanadese nie as verteenwoordigend van die res van die wêreld beskou word nie.

In Brittanje sowel as Amerika, ondersteun 'n veel groter persentasie aborsie in die eerste trimester (dit is binne die eerste twaalf weke). Ondersteuning daal dramaties vir die tweede trimester en is *uiters* ongunstig gedurende die laaste drie maande van swangerskap. Terwyl die V.K. wettige aborsies tot op 24 weke toelaat, glo 'n meerderheid van die Britte dat dit tot twaalf weke verminder behoort te word.

Kom ons wees spesifiek!

Moontlik verstaan *millennials* meer as vorige generasies van wat in die baarmoeder plaasvind en dit is waarom, volgens 'n aantal

meningpeilings, die meerderheid van hulle teen abortsie is. Die *Baby Centre*, 'n gewilde webwerf van die Verenigde Koninkryk, kan u week vir week deur die hele proses neem en u baba op elke stadium beskryf. Hier is wat hulle op net tien weke sê: “U baba is nou amptelik 'n fetus! Sy is gereed vir groei en sal in grootte meer as verdubbel gedurende die volgende drie weke. U baba sluk en skop nou en al haar belangrikste organe is ten volle ontwikkel. Fynere besonderhede maak nou ook hulle verskyning, soos vinger-naels en 'n bietjie donsige haartjies op haar kop. U baba se geslagsorgane begin nou wys. Met u beplande skandering, wat binnekort behoort plaas te vind, sal u dalk kan sê of u 'n seuntjie of 'n dogtertjie gaan hê” (*Your Pregnancy at 10 weeks*. *BabyCentre.co.uk*, November 2016).

Is dit nie interessant dat wanneer u dit wil hê, word dit 'n baba genoem, maar wanneer iemand dit nie wil hê nie, word dit as 'n nie-lewensvatbare weefselmassa beskryf, 'n produk van bevrugting of 'n bloedklont?

Jessica Baldwin, 'n joernalis by *Al Jazeera English*, beskryf navorsing wat by die *University College* in Londen plaasvind. Hulle werk daar met 'n baie hoë-resolusie ultraklank prototipe, klein buigsame buisies en robot-hande wat baie delikate chirurgie in die baarmoeder kan doen. Dokters kan op hierdie wyse geboortedefekte so vroeg as twaalf weke opspoor en tot op datum kon hulle min hulp

verleen, maar hulle werk daaraan om dit te verander. Dr. Anna David beskryf wat hulle hoop om te bereik: “Indien mens net 'n baie fyn naaldjie gehad het, sou mens die baba kon behandel en die vrou sou nie voortydig in kraam gaan nie en die uitkoms sou beter gewees het”. (*New Tools Help Advance Keyhole Womb Surgery*, *AlJazeera.com*, 27 Desember 2015).

Let weer daarop dat terwyl dit tegnies 'n fetus genoem word, verwys dokters wat een op twaalf weke behandel daarna as 'n baba, *want dit is wat dit is!* David Kupelian is die skrywer van *The Marketing of Evil* en in sy boek het hy 'n besonder goeie afdeling oor hierdie onderwerp, met bekentnisse van die abortsiebedryf was. Hy haal mans en vroue aan wat ruitelik erken dat dit vir sommige van hulle net oor geld gegaan het en hoe hulle opgelei was om 'n abortsie aan enige vrou te “verkoop” wat na hulle toe sou kom. Carol Everett, wat gelyktydig vyf abortsieklinieke bestuur het, beskryf sommige van die interne werk. Sy verduidelik wat gebeur het wanneer pasiënte kom vra het: “Daar is nie aan hulle vertel van die ontwikkeling van die baba of oor die pyn wat die baba sou ervaar of oor die fisiese of emosionele gevolge wat die abortsie op hulle sou hê nie” (Kupelian, bl. 196).

Me. Everett het verder verduidelik dat daar twee vrae was wat die meisies altyd gevra het: “Sal dit seer wees en is dit 'n

baba?” Die antwoord wat aan hulle gegee was op die tweede vraag, is openbarend. “'Nee', sou die antwoord wees, 'dit is 'n produk van bevrugting' of 'dit is 'n bloedklont' of 'dis 'n stukkie weefsel'. Hulle noem dit nie eens 'n fetus nie, want dit sou dit byna te menslik maak, maar dit is nooit 'n baba nie” (Kupelian, bl. 196).

Sy beskryf vervolgens wat sy die “twee standaard reaksies in die herstelkamer” noem: “Die eerste is: 'Ek het my baba doodgemaak'. Dit het my verbaas dat dit die eerste keer was dat die pasiënte dit 'n baba genoem het ... Die tweede reaksie is: 'Ek is honger. Julle het my vir vier ure hier gehou en julle het vir my gesê ek sal net vir twee ure hier wees. Laat my hier uit'. Daardie vrou het gedoen wat ek gedoen het toe ek my abortsie gehad het. Sy hardloop weg vir haar abortsie, sy verwerk dit nie” (Kupelian, bl. 196-197).

Dit is te simplisties om elke dokter, elke administratiewe personeelid en elke raadgever in 'n abortsiekliniek daarvan te beskuldig dat dit net oor geld gaan. Sonder twyfel is dit so in baie gevalle, maar sommige soos me. Everett, kom tot die besef van hulle foute en leef met die berou saam. Baie van hulle het werklik 'n misplaasde gevoel dat hulle dit doen om vroue te help. Dit is nie so nie, maar in hierdie postmoderne wêreld, met die invloed van die media en akademië, is dit hoe hulle dink! Vir hulle is enigiemand wat prolewe voorstaan, 'n stommerik en 'n bietjie uit voeling. Voormalige

aborteur, dr. Anthony Levatino het dit só verduidelik: “Almal in die aborsiebedryf weet dat almal wat by die pro-lewe-beweging betrokke is, van lotjie getik is. Ek weet, want CNN vertel dit vir my en hulle sal nooit vir my leuens vertel nie” (“*Dr. Anthony Levatino-CONVERTED: From Abortion Provider to Pro-Life Activist*”, Online video clip, *ProLifeAction.org*. 10 Junie 2014). Die stelling oor CNN is natuurlik sarkasties. Dr. Levatino het bevind dat dit wat hy altyd van *pro-lifers* geglo het, vals was. Ons sal later in hierdie reeks na hom terugkeer.

Hoe het ons hier gekom?

Hoe het die moderne aborsiebedryf begin? Die antwoorde mag u verras! Twee manspersone, dr. Bernard Nathanson en Lawrence Lader (albei nou oorlede) was die mede-stigters van NARAL, een van die vroeëre pro-aborsie-groepe wat die idee van aborsie-op-aanvraag aan die Amerikaanse publiek verkoop het. Is dit nie interessant dat die twee stigters van NARAL nie vroue was nie? Dit was hierdie twee mans wat die slagspreuke, “Vryheid van keuse” en “Vroue behoort beheer oor hulle eie liggame te hê” uitgedink het. Met die hulp van die feministiese Betty Friedan het hulle die strategie uitgewerk om hulle saak te verkoop. In 'n artikel wat sy “belydenisse” bevat – wat deur die *Catholic Education Resource Center* gepubliseer is, het Nathanson die drie taktieke verduidelik wat hulle gebruik het.

Die eerste was om die “media te oorrumpel” (“*Confessions of an Ex-Abortinist*”. *Catholic Education.org*, 2013). David Kupelian haal van Nathanson se bekentnisse aan om te verduidelik wat hy bedoel het met die media oorrumpel.

Omdat ons geweet het dat indien 'n ware meningspeiling gedoen word, ons heeltemal sou verloor, het ons eenvoudig die resultate van fiktiewe meningpeilings gefabriseer. Ons het aan die media verkondig dat ons meningspeilings gedoen het en dat 60% van alle Amerikaners ten gunste van permissiewe aborsie was. Dit is die taktiek van die self-ervullende leuen. Min mense wil graag in die minderheid wees. Ons het genoeg simpatie gewek om ons program van permissiewe aborsie te verkoop deur die aantal wettige aborsies wat jaarliks in die VSA gedoen word, self uit te dink. Die werklike syfer mag naby die 100,000 wees, maar die syfer wat ons herhaaldelik aan die media deurgegee het, was 1 miljoen.

Herhaal die groot leuen dikwels genoeg en oortuig die publiek. Die aantal vroue wat as gevolg van onwettige aborsies gesterf het, was ongeveer 200 tot 250

jaarliks. Die syfer wat ons voortdurend vir die media gevoer het, was 10,000 aborsies (Kupelian, bl. 191).

Nathanson het gesê die tweede taktiek was om die “Katolieke Kaart” te speel. Eenvoudig gestel behels hierdie taktiek om katolieke oningelgte lede aan te hits teen die hiërargie van hulle kerk, wat geskilder was as uit voeling met die werklike wêreld. Dit sou hulle [die kerk] ook subtiel in die denke van baie mense isoleer as sou hulle die enigste opponerende mag wees.

Die derde sleutel-taktiek wat hy beskryf het, was “die verkleining en onderdrukking van alle wetenskaplike bewyse dat lewe by bevrugting begin”. Nathanson het in sy bekentnisse geskryf: “'n Gunsteling pro-aborsie taktiek is om daarmee vol te hou dat die definisie van wanneer lewe begin, onmoontlik is; dat die vraag 'n teologiese of morele of filosofiese een is, alles behalwe 'n wetenskaplike een. Fetologie [die studie van die fetus in die baarmoeder] maak dit onweerlegbaar duidelik dat lewe by bevrugting begin en geregtig is op beskerming en voorsorgmaatreëls wat almal van ons geniet”. Hy het verder gesê: “'n wetenskaplike weet ek, nie gló ek nie, dat menslike lewe by bevrugting begin” (Nathanson, *CatholicEducation.org*).

Dit is verstaanbaar as u dalk wonder waarom Nathanson so 'n erkenning sou maak. Soms is

die waarheid vreemder as fiksie. Nathanson, wat deur Kupelian genoem word, “die naaste ding aan 'die man wat dit alles begin het' vir die pro-keuse-beweging”, het van opinie verander en het hom nou by die opposisie geskaar, maar eers nadat sy kliniek sowat 75,000 aborsies uitgevoer het, waarvan hy self 5,000 met sy eie hande gedoen het en nog 10,000 waaroor hy persoonlik toesig gehou het. Soos hy verklaar: “Dit is baie goeie getuigskrifte om oor die onderwerp van aborsie te kán praat” (Kupelian, bl. 192).

Nathanson se ontnugtering het gekom nadat hy by sy kliniek bedank het en as hoof van verloskundige dienste by die St. Luke-hospitaal in New York City, 'n onderrigsentrum vir die *Columbia University*, begin werk het. Dit was daar waar hy kennis gemaak het met 'n reeks nuwe tegnologieë wat hom in meer besonderhede in die baarmoeder kon laat sien as wat hy nog ooit kon gesien het. Hy beskryf sy eie ervaring by die hospitaal: “... as gevolg van al hierdie tegnologie – deur te kyk na hierdie baba, dit te ondersoek, te beskou, om te kyk na sy metaboliese funksies, te sien hoe dit urineer, sluk, beweeg en slaap, dop te hou hoe dit droom, wat mens deur sy vinnige oogbewegings deur middel van ultraklank kon sien, te behandel, daarop te opereer – het ek uiteindelik tot die oortuiging gekom dat hierdie my pasiënt was. Dit was 'n mens!” (Kupelian, bl. 192-193).

Soos hy ondubbelsinnig

daarop wys, het dit *absoluut niks* met godsdienste te doen gehad nie. Dit het met die werklikheid te doen gehad. Hy het 'n film saamgestel wat oneindige probleme vir die pro-aborsiebeweging veroorsaak het. “*The Silent Scream*” toon [met ultraklank] 'n beeld binne-in die baarmoeder en wys hoe 'n fetus van twaalf weke reageer wanneer dit deur 'n aborteur uitmekaar geskeur word. Dit het die fantasie-oogklappe verwyder en aborsie gewys vir wat dit werklik is: Die doodmaak van 'n menslike lewe! Die transformasie in Nathanson se denkwyse is merkwaardig.

Dr. Nathanson, 'n pionier en sleutelfiguur in die moderne aborsiebedryf, het 'n 180 grade ommekeer gemaak en het nie doekies in sy video omgedraai nie! Hy het van die bekendste organisasies opgenoem, waaronder ook die een waarvan hy mede-stigter was en hulle beskuldig “... van 'n voortdurende sameswering tot stilte om vroue in die duister te hou oor die ware aard van aborsie”. Hy gaan voort: “En ek daag al daardie diensverskaffers van aborsie uit om hierdie realiteitsvideo of 'n soortgelyke een, aan alle vroue te wys voordat hulle tot 'n aborsie toestem” (Nathanson, “*The Silent Scream*”. *Online video clip*, 27 Januarie 2012).

Sommige gesaghebbendes het dit al betwis dat die video akkuraat uitbeeld wat tydens 'n werklike twaalf weke-aborsie gebeur en beskuldig Nathanson daarvan dat hy die video op verskillende maniere “gedokter”

het, soos om dit te versnel om dit te laat lyk of die baba ontstel word deur die aborteur se instrumente. Sommige van hulle betwis dit of 'n baba van twaalf weke pyn kan voel. Ander maak beswaar teen die feit dat hy dit 'n baba in plaas van 'n fetus noem, maar hier is *wat nie betwis kan word nie*: Dr. Nathanson was aan die *voorpunt* van die aborsiebeweging. Hy was so verantwoordelik as wat enige persoon maar kon wees vir waar ons onself vandag met betrekking tot hierdie kwessie bevind. Hy was 'n hoof verkoopsagent vir permissiewe aborsie, maar iets het hom daartoe gedryf om bitter spyt te wees oor sy optrede. Hy vertel aan ons dat hy van mening verander het toe hy in verloskunde gewerk het. Terwyl hy dit duidelik maak dat dit nie godsdienste was wat hom tot hierdie oortuiging laat kom het nie, is dit duidelik dat hy in die jare wat gevolg het, 'n geweldige skuldgevoel gehad het. Of mens dit 'n fetus of 'n baba noem, verander nie wat 'n mens duidelik kan sien is 'n klein *mensie* op twaalf weke nie. Die terme wat gebruik word, openbaar veel meer oor die sprekers as die kind in die middelpunt van die bespreking. *'n Baba as mens dit wil hê, 'n fetus indien nie.*

Andere verander van opinie

Dr. Bernard Nathanson is nie die enigste een midde in die hartklop van hierdie omstredeheid wat gehelp het om Pandora se kis oop te maak en wat nou probeer om die boosheid terug

te plaas nie. Op baie maniere is 'n selfs meer bekende figuur wat die kis oopgemaak het, Norma McCorvey. U ken haar, maar miskien nie op haar regte naam nie. Sy is beter bekend onder haar skuilnaam, Jane Roe, soos in *Roe v. Wade*. Sy het ook van opinie verander en het nou 'n aktiewe woordvoerder in die pro-lewe-beweging geword.

McCorvey se verhaal is boeiend, maar tragies in soveel opsigte. Soos Nathanson, het Norma uit 'n baie disfunksionele agtergrond gekom. Haar ouers was geskei en haar ma was 'n alkoholis. Norma was in die moeilikheid by die gereg vanaf die ouderdom van tien en sy is in en uit pleegsorg geplaas. Ten spyte van 'n lesbiese verhouding, het sy drie kinders gehad, waarvan twee opgegee is vir aanneming en een, teen haar wil, van haar afwegeneem is.

Sy het baie daglonerwerk gedoen, maar het uiteindelik geëindig deur vir 'n aborsiekliniek te werk. Dít is waar sy in aanraking gekom het met *Operation Rescue*, 'n konfronterende pro-lewe groep. Met verloop van tyd het sy van die O.R. lede leer ken, aangesien hulle dieselfde geboue-kompleks gedeel het en mekaar gereeld gesien het. Een van die mense met wie sy bevriend geraak het, was 'n sewejarige dogtertjie wie se naam Emily was. Terwyl die volwassenes in O.R. tot haar gewete gesprek het, het Emily Norma se hart versag. Sy het gehoor dat Emily se ma haar byna laat aborteer

het en hierdie openbaring het haar diep geraak. As gevolg van hierdie verhouding en interaksie met diegene wat haar vriende geraak het by *Operation Rescue*, het sy van opinie verander. Op daardie tydstip het sy egter nog gedink dat 'n eerste trimester aborsie in orde was.

Norma McCorvey beskryf die finale strooi in die boek *Won by Love*, wat sy saam met Gary Thomas geskryf het. Terwyl sy die fone vir O.R. beantwoord het het sy op 'n plakkaat afgekom en die waarheid wat dit uitgebeeld het, was te veel vir haar. Soos sy in die boek verduidelik:

Die plakkaat het die basiese fetale ontwikkeling vanaf bevrugting regdeur tot geboorte uitgebeeld. Ek het begin kyk na die gesigte van die babas wat daarop uitgebeeld was en die oë van die kinders het my ontstel.

Die vordering was so opvallend, die oë was so dierbaar. Dit het my hart gebreek, net om na hierdie ongebore kinders te kyk...

Voordat ek dit besef het, was ek weer in tranes ... en het net daar gestaan. Uiteindelik het dit tot my deurgedring.

Norma, het ek vir myself gesê, *hulle is reg*.

Ek het jare lank met swanger vroue gewerk. Ek was self deur drie swangerskappe en

geboortes. Ek moes geweet het. Nogtans het iets in daardie plakkaat my na my asem laat snak. Ek het die prent gesien van die klein, tien-week-oue embryo en ek het vir myself gesê: *Dit is 'n baba!* Dit was asof oogklappe skielik van my oë afgeval het en ek het skielik die waarheid ingesien.

Dit is 'n baba!

Ek het verpletterd gevoel ... Ek moes die verskriklike werklikheid in die gesig staar. Aborsie gaan nie oor “produkte van bevrugting nie”. Dit gaan ook nie oor “oorgeslaande periodes” nie. Dit gaan oor kinders wat in hulle ma se baarmoeder doodgemaak word.

Deur al daardie jare was ek verkeerd. Ek was verkeerd om daardie beëdigde verklaring te onderteken. Die feit dat ek in 'n aborsiekliniek gewerk het, was verkeerd. Niks meer van hierdie eerste trimester, tweede trimester, derde trimester se dinge nie. Aborsie – op enige stadium – was verkeerd. Dit was so duidelik. Pynlik duidelik.

Bernard Nathanson en Norma McCorvey is slegs twee van baie aborsie-binnekringers

Vervolg op bladsy 26

Is tradisionele Christelikheid Bybels?

Deur Richard F. Ames

Baie van die idees en leerstellings van die tradisionele Christelikheid is nie wat u Bybel leer nie! U behoort te weet wat God se Woord werklik oor die Christenskap van Jesus Christus sê – ware, Bybelse Christenskap. Om deur die lens van Johannes 3:16 te kyk, help om die waarhede te openbaar wat u behoort te ken.

'n *Pew Research Forum*-verslag van April 2017 het bevind dat daar sowat 2,3 miljard belydende Christene regoor die wêreld is. Dit is 30% van planeet Aarde se 7,6 miljard mense! Die *World Christian Encyclopedia* identifiseer ten minste 33,000 Christelike denominasies, met 9,000 van hulle wat as "Protestant" geklassifiseer word en 22,000 as "Onafhanklikes".

Hierdie duisende denominasies verskil onder mekaar in baie van hulle leerstellings, onderwysings en oortuigings. Hulle kan nie almal reg wees nie! Kan dit selfs wees dat baie mense in 'n vals "Jesus" glo wat nie die Jesus Christus van die Bybel is nie? Jesus sê self het ons gewaarsku: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei" (Matthéus 24:24). Aangesien hierdie duisende denominasies verskillende leerstellings verkondig, kan dit wees dat baie van hulle in 'n valse Christelikheid glo?

Miljoene belydende Christene aanvaar die tradisies, leerstellings en begrippe wat hulle

deur hulle denominasie geleer word as vanselfsprekend, sonder om dit ooit aan hulleself te bewys. Daarom daag ons u in die *Wêreld van Môre-tydskrif* uit om wat ons sê, in u eie Bybel na te gaan! Dit is die enigste manier waarvolgens u die waarheid kan leer ken! Onthou wat ons in Johannes 8:31 lees: "En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."

Het u al gewonder waarom daar soveel oënskynde teenstrydighede in die gebruike van tradisionele Christelikheid is? Stem tradisionele Christelikheid met *Bybelse* Christenskap ooreen? Indien nie, watter een behoort u te kies? *Tradisionele* Christelikheid of *Bybelse* Christenskap?

Hierdie vrae is belangrik! 'n Nuttige sleutel om hulle te beantwoord, kan gevind word in 'n enkele vers in u Bybel. Dit word dikwels die "goue vers van die Bybel" genoem en daarom is Johannes 3:16 'n gunsteling vers van diegene wat tradisionele Christelikheid onderskryf. Dit kan in handgeskilderde reklame-tekens tydens sport-

gebeurtenisse en op advertensieborde langs die snelweë gesien word. Dit word deur diegene vertoon wat hoop om met die boodskappe 'n impak op die wêreld te maak.

Tog, wanneer ons die besonderhede van wat dit sê noukeurig bedink, openbaar hierdie vers ongelooflike waarhede wat vir baie belydende Christene verborge is. In hierdie artikel sal ons net drie van daardie verborge waarhede ondersoek en wat hulle openbaar oor die verskille tussen tradisionele Christelikheid en Bybelse Christenskap. U behoort te weet wat die waarheid is aan die hand van u eie Bybel!

Is God regverdig?

Baie van ons lesers het dalk selfs Johannes 3:16 gememoiseer. Dit sê: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Daardie woorde is kragtig en dit is waar! Wanneer u die geweldige onvoorwaardelike ewige liefde wat die Skepper God vir die mensdom het regtig verstaan, sal u ook verstaan dat

elke mens 'n ware geleentheid het om gered te word.

Dit stel die eerste verborge waarheid van hierdie vers voor. Baie belydende Christene glo dat hierdie die enigste tydperk vir redding is en as miljoene mense nooit die Evangelie of die naam van Jesus Christus gehoor het nie, dan is dit tot daarnatoe. Hulle glo verkeerdelik dat miljoene mense wat nie die geleentheid gehad het om die naam van Christus te bely nie, vir ewig in die helse gevuur gemartel sal word wanneer hulle sterf. Dit is heeltemal *onregverdig*.

In sy boek wat oor hierdie onderwerp handel, *Johannes 3:16 – Verborge waarhede van die goue vers*, spreek evangelis, Gerald Weston hierdie kwessie in die derde hoofstuk aan, met die titel “Is God regverdig?” Hy skryf:

Die apostel Johannes het dit duidelik gemaak: “... so lief het God die wêreld gehad ...” (Johannes 3:16). Hier verwys “die wêreld” nie na die planeet Aarde nie, maar eerder na die mense wat hier woon. Dit maak nie saak hoe mens dit uitwerk volgens enige berekening nie, daar was nog altyd baie minder mense wat “gered” was as wat “nie gered” was nie. Indien God dan die wêreld so liefgehad het, hoe kan dit wees? Is Hy so swak dat Hy nie die meerder-

heid van Sy skepping kan red nie? Dit lei tot die vraag: “Is God regverdig? Is Hy 'n aannemer van die persoon? Het almal – of sal almal – 'n werklike en regverdige geleentheid hê om gered te word” (bll. 17-18).

Bybelgeleerdes weet dat verlossing slegs deur die Naam van die Verlosser van die wêreld, Jesus Christus, kan kom. Soos dit in Handeling 4:12 vertel word, “En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.”

God het 'n plan vir diegene wat nooit die naam van Jesus Christus gehoor het nie en Bybelse Christenskap leer ons dat God regverdig is! Hy sal *nie* dat hulle wat nog nooit die naam van Christus gehoor het veroordeel word, soos wat baie mense van tradisionele Christelikheid glo nie. Vra vir u predikant of priester die vraag: Indien 'n groep mense in 'n afgeleë oerwoud nooit die naam van Jesus Christus gehoor het nie, sal hulle tot die hel veroordeel word wanneer hulle sterf? U mag dalk geskok word deur hulle antwoord.

U Bybel openbaar dat God sulke mense 'n geleentheid sal gee om gered te word in die Tweede Opstanding wanneer hulle geoordeel word, soos dit in Openbaring 20:11-13 beskryf word. In hierdie gedeelte open-

baar God vir ons die Groot Wit Troon Oordeel, wat plaasvind ná die duisendjarige heerskappy van Christus saam met die wedergebore heiliges op die aarde. Hierdie is die “ander dode” wat in vers 5 van die hoofstuk genoem word, wat in die tweede groot algemene opstanding uit die dood opgewek sal word: “En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan” (Openbaring 20:11-12).

Wanneer die dooies dan voor God staan, het hulle opgestaan! U vind 'n beskrywing van hierdie toekomstige opstanding tot fisiese lewe in Eségiël 37, waar die bekende vallei van dor bene tot lewe kom.

In Openbaring 20:12, sien ons “die boeke is geopen”. Die oorspronklike Griekse woord vir “boeke” is *biblia*, waaruit ons die woord Bybel afgelei het. Miljarde mense sal geoordeel word op grond van die Woord van God, die Bybel. Hulle verstand sal vir die waarheid van God geopen word.

Die gedeelte gaan voort: “... en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke” (verse 12-13). In die Groot Wit Troon Oordeel sal

miljarde mense, met inbegrip van die miljard mense wat nooit die naam van Christus gehoor het nie, hulle eerste ware geleentheid tot redding hê. Die opstanding tot oordeel mag vriende en familieledes insluit wat u dalk gedink het vir ewig verlore is!

Ja, Johannes 3:16 openbaar dat *God regverdig is*. Dit is 'n *belangrike waarheid* wat deur Bybelse Christene verkondig en verstaan word. Baie mense wat 'n vorm van Christelike bely wat berus op menslike tradisie glo verkeerdelik dat God miljard mense wat nog nooit die naam van Jesus Christus gehoor het nie, in 'n hel van vuur sal straf. Daardie onregverdige, valse “god” is nie die God van die Bybel nie! Die goeie nuus is dat selfs die mense van die goddelose stede, Sodom en Gomorra 'n geleentheid sal hê om hulle in die Wit Troon Oordeel te bekeer. Jesus het gesê: “Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad” (Matthéüs 10:15).

Soos Johannes 3:16 verklaar, God het waarlik die wêreld lief! Hy sal die mense van die wêreld regverdig behandel.

Wat beteken dit om “verlore te gaan”?

Weer sê Johannes 3:16: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

Wat beteken dit om “verlore te gaan”? Baie mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Christelik is, *ontken* in werklikheid die waarheid van Johannes 3:16 deur in tradisies te glo wat nie in die Bybel te vinde is nie. Hulle glo verkeerdelik dat hulle *nooit* verlore sal gaan nie, punt! Hulle glo verkeerdelik die heidense leerstelling van die onsterflike siel. Hulle glo dat hulle sogenaamde onsterflike siel nie verlore sal gaan nie en dat dit óf na die hemel óf na die hel gaan wanneer hulle sterf. Hulle glo dat hulle 'n onsterflike siel het en sal nooit omkom om vir ewig te sterf nie.

Soos Gerald Weston skryf in *Johannes 3:16 – Verborgede waarhede van die goue vers*,

Die *Encarta Online Dictionary* definiëer *vergaan* of *verlore gaan* só: “... om te sterf ... om tot 'n einde te kom of om op te hou bestaan”. Ons weet wat dit beteken wanneer kos bederf. Ons praat van mense wat in 'n vliegtuig-ongeluk omgekome het. Dus, wanneer dit by die Bybelse aangeleenthede kom, waarom heg mense ander, verkeerde betekenis aan *verlore gaan*?

Die Bybel stem konsekwent en ondubbelsinnig saam met die standaard woordeboek se definisie van “verlore gaan”! Dit leer ons

duidelik dat **lewe** en **dood teenoorgesteldes** is! Nêrens beskryf die Skrif ooit die menslike lewe as inherent onsterflik nie. Soos ons alreeds gesien het, kan selfs die siel of wat mens ook al mag dink dit is, sterf (Eségiël 18:4, 20). God se Woord openbaar dat onsterflikheid *nie* iets is wat ons reeds het nie, maar eerder dat dit iets is wat ons moet *soek* (Romeine 2:6-7) en waarmee ons ons moet “*beklee*” (1 Korinthiërs 15:53-54).

God se doel is om ons van die ewige dood te verlos, om ons te red daarvan om verlore te gaan. Let op wat Paulus sê: “Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (1 Timótheüs 2:3-4). God verkies dat mense *nie* vir ewig verlore gaan nie. Een van die omskrywings van die woord “vergaan” is “om op te hou om te bestaan”. Tog glo baie mense in die tradisionele Christendom dat niemand regtig vergaan nie omdat ons veronderstel is om 'n onsterflike siel te hê wat nooit sal vergaan nie.

Die Skrif leer ons anders. Dié wat hulle karakter met boosheid verseël het, sal in die poel van vuur vergaan: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan

en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars—hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood” (Openbaring 21:7-8).

Die geharde goddeloses sal in die poel van vuur vergaan. Hulle sal met die *tweede dood* gestraf word waaruit daar geen opstanding is nie. Dit is die straf van die ewige dood. Soos dit in Romeine 6:23 sê: “Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.” Ons is nog nie onsterflik nie. Die ewige lewe is 'n gawe van God.

In hierdie waarheid sien ons 'n skerp kontras tussen tradisionele Christelikheid en Bybelse Christenskap. Tradisionele Christelikheid leer ons dat 'n mens altyd sal leef en nooit sal omkom of nooit sal ophou om te bestaan nie. Bybelse Christenskap leer ons dat geharde sondaars in 'n poel van vuur sal vergaan en die tweede dood – die ewige dood – sal ervaar en sal ophou om te bestaan.

Die goeie nuus is egter dat diegene wat werklik in die Christus van die Bybel glo, hulle van hulle sondes bekeer en gedoop word – soos dit in Handeling 2:38 staan en getrou bly, nie vir ewig sal vergaan nie. Inteendeel, hulle sal die gawe van die ewige lewe ontvang.

Diegene wat werklik volgens Johannes 3:16 leef, sal “nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” soos wat

Jesus gesê het.

Wie is “God”?

Deur oor die “goue vers” te mediteer, het dit ons by die Bybelse waarhede gebring dat God regverdig is en dat die geharde goddeloses werklik verlore sal gaan – twee waarhede wat teenstrydig met tradisionele Christelikheid is. 'n Derde merkwaardige waarheid van Johannes 3:16 word eintlik in die begin van die vers saamgevat: “Want so lief het God die wêreld gehad...”

Presies wie en wat is hierdie God nou eintlik? Wat leer *Bybelse Christenskap* ons oor Hom?

Daar is ontelbare begrippe oor God. Die apostel Paulus het die Grieke wat 'n monument aan “Die Onbekende God” gewy het, toegesprek. Hy het sy gehoor in die Areopagus toegesprek: “Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle. Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee” (Handeling 17:23-25). God is die Skepper van alle dinge en Hy is die Lewegewer.

Die apostel Paulus gaan voort om die verhouding wat God met ons almal wil hê te beklemtoon: “En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy

vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag” (verse 26-28).

Let op hierdie waarheid wat selde in tradisionele Christelikheid beklemtoon word. Paulus beklemtoon ons verhouding met God deur een van die Grieke se eie digters aan te haal: “Want ons is ook sy nageslag”. Paulus gaan voort in Handeling 17:29, “As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie.”

Die apostel Paulus bevestig daardie gesinsverhouding – dat ons die *nageslag van God* is. 'n Belangrike verborge waarheid van Johannes 3:16 is die openbaring dat *God besig is om 'n goddelike gesin te skep!* Wanneer diegene wat hulle werklik bekeer het, die opoffering van Christus vir hulle sondes aanvaar en gedoop word, ontvang hulle God se Heilige Gees soos dit aan ons in Handeling 2:38 vertel word. Hulle word ook verwekte kinders van God, soos Jakobus 1:18 aan ons sê: “Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees.”

Let op, tot wie behoort ons te

bid? Tot ons *Vader* in die hemel, soos Jesus ons in Mattheüs 6:9 leer! God is besig om 'n goddelike gesin te skep en Hy wil u as Sy seun of dogter hê. Kyk na die woorde van 2 Korinthiërs 6:18: “Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.” Let ook daarop dat God se liefde vir ons in 1 Johannes 3:1 beskryf word: “Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!”

Hierdie is nie net 'n versin-nebeelding of simboliek nie. Met die opstanding, wanneer Christus weer kom, sal getroue Christene in die Koninkryk van God gebore word. Soos dit in 1 Korinthiërs 15:53 vir ons gesê word, “Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.” Dit is wanneer ons God se Koninkryk, Sy gesin, sal binnegaan as Sy wedergebore goddelike kinders. In Romeine 8:29 word Christus die eersgeborene van baie broers genoem. Hy is ons Ouer Broer wat ons met God die Vader versoen het.

Tradisionele Christelikheid verkondig nie die waarheid van God se plan om Sy glorieryke huisgesin uit te brei nie! Indien ons die Bybel toelaat om ons te leer van hierdie Een wat God genoem word in Johannes 3:16, word Sy plan duidelik gemaak en sal dit deur die Bybelse Christenskap verkondig word!

U het 'n wonderlike geleent-

heid om deel van God se goddelike gesin te wees. U behoort egter die proses te begin. U behoort te bekeer, gedoop te word en die Heilige Gees te ontvang, soos wat ons vroeër in Handeling 2:38 gelees het. Dan kan u in die kosbare geestelike natuur groei wat God begeer dat u sal hê. Hy noem dit Sy “goddelike natuur” in 2 Petrus 1:4, waar God se Woord ons vertel dat, deur God se kosbare beloftes, ons “daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.”

So baie meer!

'n Meditasie oor die “goue vers” van Johannes 3:16 openbaar eerlikwaar baie kragtiger waarhede as hierdie. Indien u dit nog nie gedoen het nie, moedig ek u aan om ons gratis boekie *Johannes 3:16 – Verborgte waarhede van die goue vers* deur evangelis Gerald Weston aan te vra. Die Engelse weergawe is tans beskikbaar by enige van die plaaslike adresse wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys word en kan ook in sy geheel afgelaai word vanaf ons webwerf by *Tomorrows World.org*. Die Afrikaanse weergawe sal binnekort beskikbaar wees by *wvm.co.za*. Die agt hoofstukke bespreek in detail, nie net hierdie drie waarhede van Bybelse Christenskap nie, maar nog baie meer.

Daar is egter soveel meer! In hierdie artikel het ons gesien

dat daar duisende belydende Christelike denominasies is. Hoeveel van hulle volg wêreldse tradisies wat nie op die Bybel gebaseer is nie? Jesus het die godsdienstige leiers van Sy dag veroordeel vir die navolging van tradisies wat strydig was met die Tien Gebooie. Hy het hulle in Mattheüs 15:3 uitgedaag, “Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering?”

Watter een sal u kies? Bybelse Christenskap of 'n nabootsing van Christelikheid wat gebaseer is op menslike tradisies en nie op die Bybel nie? Wat het Jesus onderrig oor die grondslag van ons oortuigings en ons lewenswyse? In die boek Mattheüs het Jesus die Ou Testament aangehaal (Deuteronomium 8:3) en gesê: “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheüs 4:4). Lukas het ook hierdie fundamentele Christelike beginsel in sy eie vertelling beklemtoon: “Daar is geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God'” (Lukas 4:4).

U sal wil aansluit by die goddelike, koninklike gesin wat God besig is om te bou! Dit sal egter nodig wees om hierdie dinge self te bestudeer en probeer leef en handel volgens “elke woord van God.” Die toekoms is glorieryk vir diegene wat die Bybelse Christenskap waarlik sal volg. **WVM**

Dit is Londen wat roep Die NHS: Onbevoeg vir diens?

Deur John Meakin

Brittanje se geliefde en gerekende *National Health Service* is op breekpunt. 'n Totaal nuwe benadering is nodig. Brittanje se geliefde en gerekende *National Health Service (NHS)* moes sy 70ste bestaansjaar met trots op sy talle prestasies kon binnegaan. Op 3 Januarie 2018 het die *NHS in Engeland* egter sy eie onvermoë bekend gemaak – 'n somber waarskuwing wat verklaar het dat dit *nie meer vir sy doel geskik is nie*.

Vir twee agtereenvolgende jare was hospitale oorweldig deur te veel mense wat van te min hulpbronne gebruik moes maak. Uitgeputte personeellede het hulle voete deurgeloop. Sale was tot oorlopende toe vol. Nuwe pasiënte op trollies het vir ure in toue in hospitaalgange gelê en wag. 'n Groot aantal ambulanses het lank gewag voordat hulle siekes of beseerdes kon aflaai. In Januarie moes 81,000 pasiënte by Ongevalle en Nooddienste meer as vier ure vir hospitaalbeddens wag.

Dit was dus nie 'n verrassing, dat 'n nasionale opname van *NHS-trusts* na die winter van 2017 'n dreigende krisis aan die lig gebring het nie: Kapasiteit in *alle areas van bekwaamheid* was geag as grootliks onvoldoende. Daar

was nie genoeg dokters, chirurge, verpleegsters, beddens, ambulanses of selfs hospitale om die mas op te kom nie.

Dit is nie net in Engeland waar hierdie druk ondervind word nie. Skotland, Wallis en Noord-Ierland, aan wie *NHS* mag oorgedra het, het dieselfde uitdagings, wat baie ander lande regoor die wêreld ook in die gesig staar. Daar is swaar lesse wat almal kan leer uit die ergste krisis wat die *NHS* nog in sy geskiedenis getref het. Wat het dit dus op sy knieë gebring?

Tot breekpunt gespanne

Die eise aan die *NHS* is altyd groter gedurende die koue wintermaande. Griep- en wintergoggas soos die norovirus is volop – veral onder 'n verouderende bevolking. Meer beddens is nodig om voorsiening te maak vir diegene wat siek is, veral tydens spitsstye. Tog is die aantal beskikbare beddens die afgelope 30 jaar met meer as die *helfte* verminder, van 300,000 in 1987 tot 142,000 in 2017.

Die *grootste probleem* is egter *te min personeel*: Te veel *NHS*-dokters en verpleegsters voel dat hulle nie na waarde geskat word nie, hulle is oorwerk en onderbetaal en wil vroeër

aftree of elders werk soek met beter besoldigding. In 2017 het 33,000 verpleegsters die *NHS* verlaat. Hoewel daar baie nuwe aansoekers was, bly 40,000 verpleegstersposte vakant. Om alles te kroon, lei die onsekerhede oor Brexit tot 'n ineenstorting van die aantal personeellede, want baie van hulle (ongeveer 60,000) kom uit ander EU-lande.

Ander statistieke help om die krisis te verduidelik. Volgens 'n verslag van 'n *Organization for Economic Cooperation and Development (OECD)* is Brittanje 24ste uit die 34 lidlande in die aantal dokters per capita wat in diens is, terwyl die aantal beddens per 1,000 mense reg onderaan die lys van vergelykbare lande is. Totale uitgawes per capita is sowat \$4,000 vir die hele V.K. – baie laer as in Amerika, Kanada, Duitsland, Frankryk, Nederland en Denemarke. Die les is regtig baie eenvoudig: Indien mens 'n eerste klas gesondheidsdiens wil hê wat nie voortdurend in 'n krisis is nie, moet mens in meer kapasiteit belê om daardie status te behaal.

Alhoewel opeenvolgende regerings elke jaar meer geld verskaf, is dit nooit voldoende nie. Die jaarlikse *NHS* Engeland-begroting beloop

ongeveer £123 miljard. Die pasiëntetal styg tans elke jaar met sowat 5%, maar die begrotingstoename is veel minder. Sommige studies het bevind dat daar moontlik teen 2020, jaarliks meer as £140 miljard benodig sal word. Wieg-tot-graf gesondheidsorg klink na 'n wonderlike ideaal, maar waar kom die geld en hulpbronne vandaan om vir dit alles te betaal?

Die NHS verdien al die lof wat dit kry vir sy toewyding aan die edele taak van omgee vir die siekes en om hulle te verpleeg totdat hulle gesond is. Om slegs die gevolge te behandel kan net so ver gaan voordat al die probleme wat ons sien, die stelsel kan oorweldig. Om te probeer om doeltreffender te raak, sal net sóveel kan doen. Diepgaande hervormings word vereis.

Wat nodig is, is 'n verskuiwing na *voorkoming* van siektes en om die *oorsake* eerder as die *gevolge* aan te spreek. Op die oomblik word daar slegs beperkte vordering op hierdie gebied gemaak. Wat benodig word, is 'n deeglike gesonde opvoeding wat dieet, higiëne en gesondheidswette betref.

'n Goddelike perspektief

In die eerste vyf boeke van die Bybel word die beginsels van gesondheid aan die antieke volk van Israel bekendgemaak. Dit is, uit ons moderne perspektief, sinvol en voor die hand liggend:

Beginsels met betrekking tot higiëne, kwarantyn vir aansteeklike siektes, kos en drank, seksuele gesondheid, die gesin en die huwelik, asook beginsels van gesonde oordeel en geregtigheid wat beter maatskaplike gesondheid en welstand verseker.


Of ons dit besef of nie, is baie van hierdie einste beginsels in die Westerse leefwyse opgeneem en dien steeds as die basis van goeie gesondheid. Dit is wanneer hierdie beginsels oorboord gegooi word, dat 'n krisis ontstaan. Neem byvoorbeeld hoeveel van die gesondheidskwessies wat die NHS moet probeer oplos, is voorkombaar? *Vetsug, alkohol en rookverwante siektes, dwelmverslawing, seksueel-oordraagbare siektes* – die lys kan aangaan.

God het vir die antieke Israeliete gesê dat die navolging van Sy voorgeskrewe lewenswyse tot goeie gesondheid sal lei. Hy het aan hulle gesê – *en sê vandag aan ons* – in essensie: *Indien julle My sal gehoorsaam en die lewenswyse volg wat Ek voor julle lê, sal Ek julle seën. Ek sal julle seën in julle dorpe en op die platteland. Ek sal die weer seën, julle landerye en die oorfloed gesonde kos wat die gevolg sal wees. Ek sal julle seën met siektevrye lewens van geboorte tot dood. Ek sal julle huwelike en julle gesinne seën. Ek sal alles wat julle doen, voorspoedig maak en julle beskerm teen julle vyande* (sien

Deuteronomium 28:1-14).

Verder het God verklaar dat Hy hulle *Geneser* is (Exodus 15:26; 23:25; Psalm 103:2-3). Indien hulle siek sou word, sal Hy hulle weer gesond maak. Daar was geen algemene praktisyns byderhand nie, geen hospitale, geen medisynes, geen chirurgiese prosedures nie. *God was Israel se Nasionale Gesondheidsdiens!* Dit was nie *onafhanklik* van hulle lewenswyse nie; dit was *afhanklik* daarvan. Goeie gesondheid en 'n lang lewe was gewaarborg solank as wat elke geslag hierdie beginsels aan die volgende geslag geleer en daarvolgens geleef het (Deuteronomium 4:9-10).

Dit is duidelik dat ons nie in alle opsigte ons samelewing met hulle s'n kan vergelyk nie, want die twee is baie verskillend. Tog is daar ook lewensbelangrike *onveranderlikes*: Die belangrikheid en oorfloed van gesonde kos, die gunstige weer wat nodig is om dit te produseer, 'n gesonde lewenstyl wat gebaseer is op jarelange beproefde beginsels van goeie gesondheid en die voortgesette onderrig om gesond te bly. Belangrikste van alles, dit is dieselfde wonderlike God wat begeer dat ons gelukkig, gesond en wys sal wees!

Indien u meer wil leer oor God se opregte belangstelling in ons gesondheid en welsyn, vra gerus ons gratis boekie: *Genees God vandag?* 

Vrae & Antwoorde

'n Ongesonde fokus?

VRAAG: Waarom fokus die *Wêreld van Môre* op eindtydse gebeure en apokaliptiese onderwerpe in plaas van om te fokus op wat Jesus verkondig het? Is dit nie ongesond nie?

ANTWOORD: Die *Wêreld van Môre*-tydskrif fokus **wel** op die Evangelie wat Jesus Christus verkondig het – die Evangelie van die Koninkryk van God. Daardie Evangelie is 'n boodskap van hoop en voorspel 'n tydperk wanneer die mens in vrede en harmonie sal leef, onder die heerskappy van Jesus Christus. Baie mense wat hulleself Christene noem, verkondig slegs een deel van Sy boodskap – 'n boodskap oor die *persoon* van Christus, in plaas van oor *wat Christus verkondig* het. In teenstelling hiermee streef die *Wêreld van Môre* daarna om die “hele plan” van God te verkondig (Handelinge 20:27), wat die waarskuwing aan die wêreld insluit met betrekking tot wat sal kom, net soos Jesus gedoen het.

In vandag se gewelddgeteisterde wêreld het die woord “apokalipties” konnotasies van verdoeming en voorbodes aangeneem. Die Griekse woord *apokalupsis* beteken egter bloot “openbaring” – dit is die titel van die laaste boek in u Bybel! Jesus Christus se woorde in die vier verhale van die Evangelie – sowel as die visie wat Hy in die boek Openbaring geïnspireer het – maak dit duidelik dat die boodskap wat Hy aan die mensdom gebring het, veel groter is, met meer besonderhede as wat die meeste mense glo. Hy het gekom om 'n boodskap oor Sy toekomstige Koninkryk te bring (Lukas 4:43). Hy het die wêreld egter ook gewaarsku oor die traumatiese gebeurtenisse wat die koms van daardie Koninkryk sal voorafgaan.

Nuuskerige dissipels

Christus se dissipels het Hom gevra hoe hulle die einde van hierdie tydperk sou kon identifiseer. Hy het geantwoord: “Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Dan sal

hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Matthéüs 24:5-14).

Geen ware Christen kan ontken dat Jesus 'n tyd van groot teëspoed vir die wêreld voorspel het nie. Hy het dit egter vir 'n *positiewe* rede gedoen, om ons te laat weet dat Sy Wederkoms totale menslike uitwissing sal **voorkom** (Matthéüs 24:22)! Sy Wederkoms sal 'n duisendjarige tydperk van gelukkige en vreedsame lewe op aarde onder Sy heerskappy inlui. Daarna sal God almal opwek wat nog nooit die verkondiging van Sy waarheid gehoor het nie, sodat hulle hul eerste geleentheid kan hê om gered te word (Openbaring 20:5-6). Dit is 'n boodskap van absolute vrede en hoop!

Daar is selfs 'n wonderliker aspek verbonde aan Jesus se boodskap van hoop. Diegene wat Sy offer aanvaar en Hom toelaat om Sy lewe binne-in hulle te leef, sal Hom bystaan as konings en priesters wat die mensdom gedurende die Millennium sal dien (Openbaring 5:10). Wat beteken dit om Christus in ons te laat leef? Soos die apostel Paulus geskryf het: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20). Christene wat vandag deur die geloof van Christus leef, kry 'n voorsmakie van hoe die lewe in die Millennium onder Jesus Christus se heerskappy sal wees. Dit is 'n boodskap van hoop en dit is die ware Evangelie – die goeie nuus van die Koninkryk van God – wat Jesus Christus verkondig het. Dit is die fokus van die *Wêreld van Môre*. 



Die werke

Swart gate: Leviatans van die kosmiese ruimte

Die apostel Paulus het aan sy gehore in die eerste eeu hulle bestemming beskryf as om “alle dinge” – die heelal – te beërf en wys daarop dat ons nog nie die volheid van daardie erfenis wat onder die beheer van die mens geplaas is, kan insien nie (Hebreeërs 2:8).

Die groot, kosmiese wildernis is inderdaad met 'n verstommende verskeidenheid eksotiese “skeppings” in die hemele bo ons bestrooi – skeppings soos verskillende newelvlekke, sterrestelsels, sterre en planete. Elke een daarvan verheerlik die Skepper op sy eie manier. Ons moet nog die meeste van hulle eersterhands ervaar omdat ons nou nog vasgevang is op hierdie klein planeet in ons klein hoekie van die heelal. Dit het ons egter nie verhinder om alles wat ons kan, te ondersoek en na te vors nie, deur die skandering van die hemele, met behulp van optiese en radioteleskope en die stuur van robot-peilers na naburige wêreldes. Deur die wette van fisika te gebruik, soos ons dit tans verstaan, het ons selfs die kosmos deur middel van wiskunde verken en die berekenings gevolg waarheen hulle ons ookal gelei het – na wat ookal hulle ons gelei het – hoe fantasties en vreemd die resultate mag wees.

Binne daardie deel van die

diverse versamelings wat ons ondersoek het, is geen voorwerp wat deur wiskundige navorsing ontdek is, meer eksoties as *swart gate* nie, wat deur Albert Einstein se teorie van algemene relatiwiteit voorspel is, nog voordat dit ontdek is. Dit beskik oor bykans onbegryplike vernietigende krag maar speel moontlik 'n fundamentele rol in die struktuur van die heelal. Hierdie vreemde en intimiderende voorwerpe illustreer die majesteit en krag van 'n Almagtige God wat sulke “monsteragtige verskynsels” deur Sy wil en Woord tot stand kan bring.

Terwyl swart gate nog gehul is in baie geheimenisse, laat ons hulle vir 'n oomblik ondersoek – verseker van 'n veilige afstand af – en probeer om 'n vlugtige blik op hulle Skepper te kry. Wie in die krag en wysheid van Sy werke vertoon word.

Gebore in ontsaglike kosmiese omwenteling

Soos ons dit verstaan, is swart gate die onvermydelike gevolg van die dood van sommige sterre.

Sterre, soos ons eie kolossale son, is massiewe balle gas in die ruimte. Hulle massa is sodanig dat swaartekrag die gas so sterk laat saampers dat kernfusie plaasvind, waarin atome saamgepers word om

nuwe atome te maak. Hierdie aktiwiteit stel groot hoeveelhede energie vry, wat veroorsaak dat die ster soveel lig en hitte uitstraal dat, selfs al is die son 93 miljoen myl (of 150 miljoen kilometer) ver weg, mense op Aarde sonbeskerming benodig om nie te brand nie!

Die geweldige swaartekrag wat die ster se gasse saamtrek, word teengewerk deur die uitstraling van die gevolglike energie wat uitwaarts vloei. Mettertyd word die brandstof van die ster opgebruik. Wetenskaplikes glo dat sterre soos die son uiteindelik uitswel en dan inkrimp tot 'n baie kleiner grootte en baie koeler temperatuur soos wat hulle brandstof toenemend uitgeput raak. Groter sterre – wat byvoorbeeld agt keer groter as die son of nog selfs groter is – ondervind 'n baie gewelddadiger einde, wat supernovas genoem word, waarin die buitenste lae van die ster in die ruimte ontplof en 'n digte kern agterlaat.

Indien daardie digte oorblyfsel-kern nie meer as drie tot vyf keer die massa van die son is nie, kan dit saamtrek tot wat 'n neutronster genoem word – 'n voorwerp wat so dig is dat 'n stukkie daarvan, wat nie groter as 'n suikerblokkie is nie, 200 miljoen ton kan weeg! Indien die kern egter selfs groter is as dit, bereken Einstein se teorie dat dit tot iets nog baie vreemder as 'n

van Sy hande

neutronster sal lei.

In so 'n geval is die massa van die oorblyfsel-kern van die oorspronklike ster so groot dat die swaartekrag voortgaan om dit tot 'n enkele, ondenkbare digte puntjie saam te pers – 'n merkwaardigheid wat as 'n swart gat bekend staan.

Ontzagwekkende vernietigende krag

Swart gate troon uit as van die kragtige voorwerpe in die heelal. Hulle ongelooflike massa – saamgepers tot 'n oneindige puntjie in die ruimte – veroorsaak 'n gravitasieveld wat so sterk is dat selfs *lig* nie vinnig genoeg is om uit sy ontsaglike greep te ontsnap nie.

Terwyl die mensdom geleer het om van sy eie planeet se aantrekkingskrag te ontsnap en voorwerpe die ruimte in te stuur deur gebruik te maak van kragtige vuurpyle, is daar geen vuurpyl vinnig genoeg om 'n swart gat te ontwyk nie! Alhoewel fotone van lig die vinnigste sub-atomiese deeltjies in die heelal is, sal selfs 'n ligstraal wat binne 'n sekere afstand van 'n swart gat beweeg – 'n afstand wat bekend staan as die Schwartzchild-radius – ingetrek word. Dit is hierdie eienskap, wat so kragtig is dat selfs lig nie kan ontsnap nie, wat swart gate hulle naam gegee het: Hulle is donker voorwerpe waarin materie en energie “inval” en nie kan

ontsnap nie, wat alles vernietig wat te naby kom – selfs sterre!

Omdat selfs lig vasgevang word, kan swart gate nie deur gewone teleskope gesien word nie. Ons het egter die gevolgtokens van swartgataktiwiteit ontdek. Voorwerpe wat byvoorbeeld in swart gate val en deur die geweldige swaartekrag verpletter word, straal dikwels kragtige storms energie uit terwyl dit in die swart gat rondwentel voordat dit uiteindelik ingesluk word. Wetenskaplikes deursoek die hemele vir sodanige tekens in hulle pogings om hierdie kosmiese monsters op te spoor.

Soos wat meer omringende materie in 'n swart gat ingetrek word, neem dit toe in massa, grootte en trefwydte totdat daar geen nabygeleë materiaal meer is om in te sluk nie. Trouens, wetenskaplikes het baie verskynsels in die ruimte geïdentifiseer wat die beste verklaar kan word deur die teenwoordigheid van swart gate wat na raming meer as tien miljard keer so massief as die Son is.

Van gulsige vreter tot oorsprong

Swart gate kan ook die teenstrydigheid in Simson se raaisel weerspieël, soos aangeteken in Rigters 14:14, “Spys het uit die eter uitgegaan” wat verwys na die heuning wat hy in die karkas van 'n leeu gevind

het.

Ten spyte van al die krag om te verslind en te vernietig, vervul swart gate blykbaar ook 'n fundamenteel belangrike rol in die ondersteunende struktuur van ons heelal, waarsonder daar geen lewe in die kosmos sou kon wees nie.

Wanneer astrofisici hulle aandag vestig op die sterrestelsels wat ons heelal bevolk en op plekke groepeer waar sterre en planeete moontlik kan vorm, vind hulle dikwels super massiewe swart gate in die middelpunt van die sterrestelsels! Volgens verskeie beramings lê daar in die middel van ons eie Melkweg-sterrestelsel 'n swart gat so massief soos vier miljoen sonne.

Daar word geglo dat hierdie kragtige, kolossale voorwerpe dien as oorsprong vir die vorming van sterrestelsels en ankers wat aan sterrestelsels samebinding, struktuur en vorm gee. Studies dui daarop dat die groottes van sterrestelsels en die spoed waarteen hulle sterre rondom die sterrestelsel se middelpunt beweeg, gekoppel kan word aan die massa van die swart gat by elke sterrestelsel se kern.

Dit is moontlik dat hierdie vreemde en fassinerende voorwerpe – wat kan lyk na 'n soort donker interstellêre engele van die dood – eintlik deur God ontwerp is om lewegewende

rolle te vervul as kritiese en onontbeerlike boublokke vir die sterrestelselsstrukture wat sterre en planeete soos ons s'n, in staat stel om in die heelal te floreer.

In Psalm 104 loof koning

Dawid God vir Sy skepping en beskryf die see "groot en alkante toe wyd" waarin talle wesens, soos die vreesagtige en geheimsinnige Leviatan, vry was om rond te beweeg en te speel (verse 25-26). Dalk kan

swart gate, hierdie leviatans van die kosmiese ruimte, gesien word as dat hulle soortgelyke eer en glorie aan hulle Skepper gee.

—Wallace G. Smith

Vervolg vanaf bladsy 15 – Abosie: Die ware storie

wat van opinie verander het. In die tweede deel van hierdie tweeledige reeks sal ons leer waarom ander mense teen

hierdie praktyk gekant geraak het en wat die Bybel oor hierdie onderwerp sê. Ons sal ook sien dat daar hoop is vir die vroue wat

'n aborsie gekies het, sowel as vir diegene wat in die aborsiebedryf vasgevang is. **WVW**

Die ware God: bewyse en beloftes

Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense werklik nie?

Waarom is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?

As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!

In hierdie boekie sal ons die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek, asook sewe bewyse bestudeer wat die ware God sal onthul.

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Vervolg vanaf bladsy 9 – Die skokkende geweldadigheid van die hervormers

direkte invloed op ons lewens en toekoms! Vra God vir 'n geopen-de verstand. Moenie *nalaat* om die finale aflewering van hierdie belangrike reeks te lees en te bestudeerne!"

Indien u graag u eie gratis kopie van *Die duidelike waarheid agter die Protestantse Hervorming* vooruit wil bestel –

dr. Meredith se laaste hoofstuk ingesluit – kan u ons kontak by enige van ons streekkantore wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys word. Die boek sal binnekort gepubliseer word en diegene wat dit vooraf bestel het, sal onder die eerstes wees om 'n gratis kopie te ontvang!

Tot dan hoop ons dat u 'n

ander artikel in hierdie uitgawe sal lees: *Is tradisionele Christelikhed Bybels?* Dit is geskryf deur Richard F. Ames, dr. Meredith se mede-evangelis en jarelange kollega en kan u help in u strewe om ware Christelikhed te vind – die Christelikhed van Jesus Christus en die Bybel.

WVW

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

se geïnspireerde definisie? Baie mense neem aan dat hulle weet wat sonde is. Die meeste mense dink dat dronkenskap en egbreuk sonde is maar daar is ander gedrag wat kontroversieel bly: Dans, kaartspeel, 'n glas wyn. Wat van om fliek toe te gaan of na gewelddadige sportsoorte te kyk (Amerikaanse voetbal of boks)? Wat van feesdae: Kersfees, Halloween, Valentynsdag? Is Sondag die dag wat in die Skrif beveel word as die dag vir rus en aanbidding of is dit Saterdag? Is alle dae “heilige tyd” en daarom is daar geen verskil nie? Word dit aan elke individu oorgelaat om te besluit en kan u 'n gerieflike dag van aanbidding kies?

Waarom word die Bybelse definisie van sonde bykans wêreldwyd vermy? Die Bybel vertel dit immers aan ons! Dit definieer die sonde as oortreding van die Wet (1 Johannes 3:4, NV). Die *New Bible Commentary* is nie vaag in die verduideliking oor watter wet nie: “Die Wet in gedrang is natuurlik die Wet van God. Die essensie van sonde is dan die verontagsaming van God se Wet”.

Moontlik is u al gevra, “Ken u die Here?” Hoe beantwoord u dit? Die apostel Johannes verduidelik wat die regte antwoord op hierdie vraag is: “En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy geboorte bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy geboorte nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie” (1 Johannes 2:3-4).

Dan is daar die vraag: “Watter Evangelie het Jesus vir die drie-en-'n-half jaar voor Sy dood, begraving en opstanding verkondig?” Indien ons die Nuwe Testament noukeurig lees is die antwoord duidelik. Die boek Markus begin in vers 1: “Die begin van die evangelie van Jesus Christus,” en verduidelik in verse 14 en 15: “EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die **evangelie van die koninkryk van God verkondig** en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.” (Vir 'n deeglike Bybelse verduideliking van hierdie onderwerp, kontak die kantoor die naaste aan u vir ons gratis boekie, *Glo u die Ware Evangelie?* Die adres is op bladsy 2 van hierdie tydskrif.)

Wat is die beloning van die wat gered is?

Baie mense aanvaar dat die beloning van die wat gered is en die beërwing van die Koninkryk van God beteken om onmiddellik na die dood hemel toe te gaan, maar *is dit wat die Bybel ons leer?* Oppervlakkig mag dit dalk so lyk, maar 'n deeglike bestudering van die Skrif openbaar dat die hemel NIE die beloning van die wat gered is, is nie en dat ons nie onmiddellik na die dood verander word nie! Jesus het twee stellings gemaak wat teenstrydig voorkom maar nie so is nie. In wat genoem word die saligsprekings (Beatitudes) wat die hart van Sy boodskap is, verklaar Hy: “Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele” en “Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe” (Matthéüs 5:3, 5). So, watter een is dit: Die hemel of die aarde? Sal die *armes van gees* hemel toe gaan terwyl die *sagmoediges* op die aarde bly?

'n Eenvoudige wanbegrip van die Engelse taal skep die verwarring. Let op dat vers drie sê: “... die koninkryk van die hemele.” Die woord *van* dui op eienaarskap eerder as op die plek, soos in “God se Koninkryk”. Dit is die koninkryk van die hemele, nie die koninkryk in die hemel nie. Matthéüs 5:5 vertel ons egter dat die sagmoediges die aarde sal beërwe – wat duidelik die plek van ons erfenis aandui.

Markus, Lukas en Johannes gebruik die uitdrukking, “koninkryk van God”, terwyl Matthéüs meestal die uitdrukking “koninkryk van die hemele” gebruik. Matthéüs gebruik egter die uitdrukkings afwissellend in Matthéüs 19:23-24. Dit is God se Koninkryk, nie die koninkryk IN God nie!

'n Verdere vraag wat ons behoort te vra is: Wanneer ontvang die mense wat gered is hulle beloning? Die apostel Paulus verduidelik dat die dooies in Christus opgewek sal word met die geklank van die “laaste basuin” (1 Korinthiërs 15:51-52). Vergelyk dit met Matthéüs 24:31 en 1 Thessalonicense 4:13-17. Let daarop dat Paulus die dood met slaap vergelyk, net soos Jesus dit in Johannes 11:1-14 doen. Let ook op dat Lasarus se suster verstaan het dat die ontwaking van die dooies “in die opstanding in die laaste dag” sal plaasvind (Johannes 11:23-24).

Wat is sonde? Wat is die ware Evangelie wat Jesus Christus verkondig het? Wat is die beloning

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

van die gereddes? Hierdie is slegs drie van die vele vrae wat ons behoort te vra wanneer ons die waarheid soek. Ware Christelikheid is veel meer as net 'n akademiese oefening. ***Hoe ons leef, is van uiterste belang.*** Dit maak nie saak hoe mooi die lied mag wees nie, elkeen van ons kan nie "net soos ek is" bly en ons Skepper behaag nie. Ons moet weet wat sonde is en ons daarvan bekeer. Ons moet Jesus Christus as persoonlike verlosser

aanvaar. Ons moet ook die goeie nuus wat Jesus drie-en-'n-half jaar voor sy dood, begrafnis en opstanding verkondig het, verstaan, glo en daarvolgens handel.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**